Die Boodskap Van Genade

Dankie, Broer Neville. Die Here seën jou. Goeiemôre, vriende. Sekerlik 'n voorreg om vanmôre weer hier te wees in die diens van die Here. En net so jammer dat ons nie enige ruimte het om die mense in die klein kerkie te plaas nie. Dit hou nie veel nie. Maar ons is baie bly dat julle hier is en gewillig is om die opoffering te maak, om—om geduldig te wag vir ons. En ons sal ons heel beste doen om vir julle die Woord van die Here te bring na die beste van ons wete om Dit te bring. En nou net ek . . .

2 Hierdie dametjie wat pas instap, en sy het 'n baba gehad om toegewy te word vanmôre, en toe het sy gesien dat hulle soort van agter geraak het, en sy het gesê sy sou sommer wag. Ek het die vrou nog nooit vantevore gesien nie, maar ek bid dat God haar sal seën en haar die rykste van sy seëninge in haar hart sal gee, vanweë haar geduld om te wag.

3 Nou, dit word die tyd van die jaar wanneer dit koeler sal word en dit nie so warm sal wees wanneer ons saamgepak is in die kerk nie. En ons vertrou dat God julle almal ryklik sal seën.

4 Nou ek sou graag net 'n paar dinge hier wil sê voordat ek praat. Ek het uitgelaat dat ek gaan praat vanoggend, as die Here wil, oor die onderwerp van *Die Winde In Die Warrelwind*. Maar Hy het dit net vir my verander. Ek weet nooit wat ek gaan sê, tot dalk net 'n paar minute voor na die byeenkoms te kom nie. En ek het nou 'n tweede keer oor daardie onderwerp probeer, en ek het net gefaal om die antwoord van God terug te kry. Ek weet nie waarom nie. Ek wil altyd graag, soos al julle predikers hier weet, dat jy moet wag op die Here vir wat jy gaan sê.

5 Gisteraand op die private lyn, het ek 'n—'n oproep gehad wat al die pad van daar êrens in Arkansas af gekom het, sekere mense hiernatoe wou trek, hierdie volgende week, hulle het gesê hulle het gehoor ons gaan 'n byeenkoms begin oor *Die Sewe Seëls*. Ek het pas *Die Sewe Kerkeeue* deurgegaan, vir die vreemdelinge. En haar man kom Maandag om vir hom 'n werk in Louisville te kry, sodat hy kan werk terwyl hulle naby genoeg bly om daardie *Sewe Seëls* te hoor. Ek het gesê: "Dit sal omtrent drie maande vat, dame. Ons het nie enige plek hier om die byeenkoms te adverteer, ensovoorts nie, niks om hier in die stad daarvoor te sorg nie, niks om die mense sitplek te gee nie."

6 Ek sou graag op 'n keer, miskien, as God sou wil, dit êrens in die veldtog wou hê, omtrent 'n drie-maande-byeenkoms opstel en net regdeur daardie seëls begin, daar in die veldtog. Dan sou mense daar regdeur kon bly.

7 Hierbinne loop dit van die 6de hoofstuk van Openbaring, tot die 19de. So jy kry die sewe seëls, die sewe plae, die drie

weë, die vrou wat op die skarlakengekleurde dier sit, en die honderd vier-en-veertigduisend. O, daar's net soveel daarvan wat ingaan om verbind te word voor die Sewende Seël gegee word, sewende plaag val, sewende basuin weerklink. En daar's soveel van daardie dinge, wat die alles saambind en elkeen van hulle is 'n groot dag se les op sigself.

8 Nou laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig vir 'n woord van gebed. Voor ons bid, sou daar sommige hierbinne wees, wat graag in hierdie gebed onthou wil word, en julle sou bekend maak deur julle hande op te steek. En in julle hart, dink tot God net waaraan julle nou behoefte het. En ek bid dat Hy dit vir julle sal gee.

9 Almagtige en Genadige God, Wat 'n gebedsverhorende God is, 'n Vader wat weet van alles waaraan Sy kinders behoefte het. U het ons geken voor ons gebore is, en U het ons voetstappe getel, die einste hare van ons hoof is getel, en ons woorde word almal in U weegskaal geweeg. So, Here God, laat ons vanoggend let op hierdie dinge, hierdie gewyde verpligting wat ons voor U het.

10 Baie van daardie hande wat opgesteek was vanoggend, hier in hierdie klein samekoms, was miskien vir gebed vir hulle siek liggame, 'n verlore geliefde. U ken hulle harte en alles wat in hulle is. Want, toe U hier op die aarde gestaan het, in die vorm van 'n menslike wese, wat Jesus genoem word, ons Here, het U die einste geheim van die hart geken. Alles wat die mense hulle in hulle gemoedere kon voorstel, kon U hulle reguit terug sê waaroor hulle gedink het: "Waarom redeneer julle in julle hart oor hierdie dinge?" Jesus het hulle gedagtes waargeneem. En ons lees in die Skrif dat U dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd. En daar staan ook geskrywe: "Waar ook al twee of drie saam vergader, daar sal Ek in hulle midde wees." So U is vanoggend hier, in die vorm van die Heilige Gees, en ken elke begeerte wat op die hart van die mense is.

11 Ek bid U, Vader God, dat U sal terugpraat met hulle en sê: "Dit is verby. Julle versoek is beantwoord, en Ek—Ek stuur julle die versekering vandag dat alles wat julle om gevra het, toegestaan is."

12 God, ons dink veral aan hulle wat ongered is, hulle hand opgesteek het. Mag hierdie die uur wees dat hulle Christus as hulle Verlosser sal ontvang.

13 Voor die byeenkoms afsluit vandag, mag daar iets gebeur, Here, wat U Teenwoordigheid so naby aan die mense sal bring dat hulle sal weet, dat daardie selfde Jesus wat in Galeléa gewandel het, in die midde van Sy mense staan, hulle kan weggaan hiervandaan vandag, met dieselfde versekering as hulle wat daardie keer van Emmáüs af gekom het. Toe hulle op hulle pad terug was, nadat hulle heeldag saam met Hom geloop het, met Hom gepraat het, en Hy met hulle gepraat het, en tog het hulle min idee gehad dat dit Hy was.

14 O God, soveel keer is ons so. U spreek tot ons in die ondergaan van die son, in die sang van die voëls, in die geruis van die blare, in die bloei van die blomme, in die liedere van die kerk, en ons herken so min dat dit U is. In die siekekamers in die hospitaal, baie ander plekke, spreek U tot ons en ons besef so min dat dit U is.

15 Nou, Here, soos ons vanoggend terugkeer na ons huise, mag ons, soos hulle het, herken, mag U vandag iets in ons midde doen, net soos U destyds daar gedoen het. Hulle het die ding geken wat U daar voor hulle gedoen het. U het dit voor U kruisiging gedoen, en hulle het geweet dat dit die herrese Here was. Hulle het teruggekeer na hulle groepe, het hulle verheug en God geprys, want hulle het geweet dat Hy geleef het. En hulle het gesê: "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy langs die pad met ons gepraat het nie?" Here, U verskyning daar en die doen van iets soos U voor U kruisiging gedoen het, het U opstanding bewys, dat U dieselfde Jesus was, dit het veroorsaak dat hulle hulle hele gesprek met U onthou het. U het die hele week met ons gepraat, Here. Verskyn nou in ons midde en maak Uself bekend aan elke behoeftige hart. Want ons vra dit in Jesus se Naam, en om Sy ontwil. Amen.

16 ['n Suster begin praat in 'n ander taal. Leë kol op band. 'n Broer gee 'n uitleg—Red.]

17 Nou sal die gemeente bid. [Broer Branham en die gemeente bid saam—Red.]: Ons Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word. Laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, in die Hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

18 Dat as my pen 'n beeldhouer se gereedskap wou wees, en my papier vuurslag sou wees, en hierdie Woorde wat ek nou sê, hierop gegrafeer sou wees, dat Dit na alle mense sou kon gaan.

19 God se Heilige Gees het vreemde maniere om met Sy mense te handel. Baiekeer deur wonders en deur gawes en roepings, wat sonder bekering is, wat God hulle gee aan Sy mense deur Sy genade.

20 Ek is nou tuis, soort van 'n vakansietjie. Ek vat gewoonlik hierdie tyd by die huis, in hierdie tyd van die jaar rond, omdat ek graag ontspan wanneer ek gaan eekhorings jag. En ek was daar in Kentucky saam met my vriende hierdie week, eekhorings gejag, my gunsteling plek. Om een of ander rede, het ek mismoedig geraak, nie juis omdat ek geen eekhorings kon kry nie, maar ek het sommer mismoedig gevoel. Iets het my gesê ek moet terugkeer huis toe. En ek het in die kar geslaap met die terugkom.

21 Verlede jaar, soos julle almal weet, wat in drukskrif is en ook in getuienis en op die bande. Ek het op 'n plek hier in Indiana gesit waar die Here God neergedaal en tot my gespreek het, dat, my tweede bediening, wat gereed was om in die nabye toekoms plaas te vind. En daar is drie eekhorings in bestaan gespreek. Julle almal ken die storie, is ek seker. Op 'n manier, het ek met die pad langs gegaan. . . terwyl ek die res van die kêrels afgegee het, het gaan jag, het ek—ek 'n eienaardige gevoel gekry om weer na hierdie plek toe te gaan. Dit was voor daglig, het gereën, en ek het nie eens geweet of hulle sou gaan jag of nie, maar dat ek daar sou kom in die veld. *Jag* beteken "om alleen by jouself te raak, om te bid." En ek het die kar gestop en uitgeklim en oor die pad geloop en daar in die bos ingegaan, en net voor dit daglig sou wees, dis soort van grys, dagbreek.

22 Ek het gestop en het 'n klein woord van gebed aangebied, soos gewoonlik, en Vader gesê, dat: "Net wat ek nodig het, om dit te voorsien." Ek glo nie daarin om enigiets te vermors, of te vernietig nie; het my nooit in my lewe 'n voël geskiet as teiken-oefening, of enigiets anders nie. Wat ek jag, eet ek, of gee vir iemand wat dit wel eet. Ek glo nie daarin om enigiets te vermors nie. Ek glo nie daarin om sulke dinge te doen nie, omdat dit nie reg is nie.

23 Toe, soos ek gedraai het en afgesit het langs 'n bekende paadjie aan die kant van 'n weiveld wat oorgegaan het in 'n L-vorm in die bosse, en het iets vreemds plaasgevind. Al my ondervindings, het ek nooit so-iets gehad nie. Ek het gekyk na die top van die heuwel aan my linkerkant van waar ek gestaan het, en daar, kom op asof uit die top van die heuwel, het drie reënboë gekom. En hulle het sowat dertig voet hoog geloop. Eers, het ek gekyk en die Lig gesien, en ek het net omgedraai, omdat ek gedink het dit kan die son wees wat opkom. Met die tweede gedagte, dit was nie na die son toe nie, dit was na die suide toe. En 'n ander ding, dit was egalig, bewolk, reën, het oral gereën. Dit was die vyf-en-twintigste Augustus, verlede Vrydagoggend, en julle weet hoe dit gereën het. En dis egalige wolke oral.

24 En ek het weer gekyk. En daar was dit, groei langer en langer, drie reënboë. Ek het my hoed afgehaal. Ek het my geweer neergesit. Ek het daarnatoe begin loop met my hande omhoog. Iets het net skynbaar vir my gesê: "Dit is naby genoeg." Ek wou gaan sit en my stewels uittrek wat ek aangehad het, om te sien of ek 'n bietjie nader kon loop. Maar ek het binne 'n paar treë daarvan af gekom en ek het die kleur daarvan gesien, wasig soos 'n mis wat rondbeweeg. Ek het vir 'n paar oomblikke stilgestaan. Dit het reg uit die top van die bergie gekom. En ek het dopgehou, soos die drie (een regs, een links, en een in die middel) afgeloop het in een bak soort van. Wat dit ook al was, was lewendig, Dit het beweeg en Sy bewegings gemaak. En ek het daar gestaan net toe dit grys geword het, dagbreek.

25 Ek het gedraai en weer gekyk, en ek het uitgeroep: "O God, wat wil U hê U dienskneg moet weet?"

26 Net toe het die Gees van die Here ingekom en gesê: "Jesus van die Nuwe Testament is Jehova van die Oue, Hy het slegs Sy masker verander van Gees tot Mens." Dit het bevestig, natuurlik, my Boodskap van Hom. Laat my weet, het verseker dat hierdie een-en-dertig jaar nie vergeefs was nie.

27 Soos ek begin nadergaan het, het Dit begin weggaan, en het ingegaan in hierdie bakagtige affêre, en het toe verdwyn. Ek het tot naby geloop. Ek was bang om nog nader te gaan, omdat Hy my gekeer het voor ek daar gekom het.

28 Ek het gedraai en opgelet dat daardie Lig, die manier wat Dit vir my geskyn het, was net presies in lyn met die boom waar ek verlede jaar gesit het, waar die eekhorings verskyn het. Sowat vyf-en-dertig of veertig minute later, het ek afgegaan deur die bosse en oor die spruitlope ensovoorts, tot ek gekom het by hierdie boom wat skei in vier rigtings (oos, noord, wes, en suid), vier takke van die boom, wat uiteenloop. En ek het in hierdie tak ingeklim, en gaan sit, waar ek was toe Hy my gesê het van daardie Skrif: "As julle vir hierdie berg sê: 'Word verskuif.'" En soos ek 'n bietjie daar gestaan het, nie nog aan die reënboog gedink nie, dit het my gedagtes verlaat. Ek het daar gestaan. En dit was 'n baie swak jaar vir eekhorings jag, alles is laat, geen eekhorings nie.

29 Ek het gedink: "Net hier is waar God my daardie eekhorings gegee het verlede jaar, om in bestaan te spreek." Ek het weer my hoed afgehaal, en ek het gesê: "Here God, U is steeds dieselfde Jesus. U is steeds God."

30 En Iets het vir my gesê: "Hoeveel het jy hierdie keer nodig?"

31 Ek het gesê: "Net soos ek die ander keer het, die kwota." En toe het ek gesê: "Ek sal hierdie kwota kry voor tienuur vandag." En vreemd soos dit voorkom, net toe was ek in 'n baie slegte muskiet-area, waar dit besmet was met muskiete, en soort van 'n moerasland, en 'n yslike groot muskiet het my reg langs die oog kom byt, en ek het gesê: "Nie een van hulle sal my vandag pla nie," geen afweermiddel of enigiets by my nie. En, voor ek dit besef, het ek gesê: "Die son sal binne dertig minute skyn."

32 En ek het dit skaars klaar gesê, of, net agter my, het 'n eekhoring, net soos die een verlede jaar, jonk, rooi, uitgespring op die tak omtrent sewentig treë ver en begin blaf. Ek het omgedraai. Op daardie lang afstand, kan ek skaars, deur die kragtige teleskoop, sy oog sien. Het net geskiet, dis al; het nie eens gemik nie, op weinig meer as die eekhoring. En die koeël was net presies reg in die oog waar dit die ander keer was.

33 Voort deur die bosse heen het ek gegaan. En op presies drie minute voor tienuur, het ek my derde eekhoring geskiet, net soos dit verlede jaar was, net presies dieselfde. Om drie minute voor tien. God, synde my plegtige Regter, nie een muskiet het selfs

gezoem heeldag lank nie, reg waar daar sommer tonne van hulle is, veronderstel ek, as hulle afgeweeg sou kon word. En ek het nooit eens een gesien of gehoor nie. Ek het geluister vir hulle, om te sien of ek kon. En ek het êrens 'n gedreun gehoor, ek het gedink: "Daar's een êrens," en ek het geluister en dit was 'n vragmotor, ver agter op die hoofweg. En presies dertig minute van daardie tyd af, het die son mooi en helder uitgeskyn.

34 Toe het ek teruggekom by die plek. En ek was aan die dink, toe ek gesê het "kwota," het dit *vyf eekhorings* beteken, wat die kwota is in Indiana. Maar ek onthou verlede jaar, toe Hy my gevra het hoeveel dit neem vir 'n maaltyd vir my, ek gesê het "drie," en ek het slegs die drie gekry. So gister het ek teruggegaan, het weer na dieselfde plek gegaan, en Iets het gesê: "Moenie gaan nie. Steek die pad oor."

35 En om presies tienuur, op die kop presies, tienuur op my horlosie, het ek die Indiana-kwota geskiet, die vyfde eekhoring. Ek wil hê julle moet oplet, daar was drie reënboë, en daar is drie dinge gesê, drie eekhorings gekry. Daar was drie dinge: drie eekhorings teen tienuur, geen muskiete nie, die son sou binne dertig minute skyn. En daar was drie om daarvan te getuig: Broer Banks Wood, my seun Billy Paul, en sy seun David, om daarvan te getuig.

36 Toe ek daardie reënboë gesien het, omtrent so breed dwarsoor soos daardie stralekrans is, daardie Engel van die Here, maar daar was drie van hulle wat in Een ingeloop het. O, hoe het dit nie my hart gehelp nie, om te weet dat God, Jesus, nie net 'n mens is soos mense dink Hy is nie, net 'n profeet, soos hierdie moderne idee vandag dink dat Jesus net 'n profeet is nie, Hy's Jehova van die Ou Testament, wat vlees geword het en onder ons gewoon het. En, daar, dit het my sekerlik vertroos. Dan, gedink oor daardie onderwerp, dat God soveel mense gesoek het.

37 Nou, daar is 'n groep mense, noem hulleself die "Oneness" of die "Jesus Only." Ek stem nie met hulle saam oor hulle teorie nie. Ook stem—stem ek nie saam met daardie trinitariese groep, wat sê dat daar drie verskillende Gode is nie, die ekstreme van die trinitariese, nie. Maar ek glo dat die drie, Vader, Seun, en Heilige Gees, Een is, dat hulle drie ampte van een God is. Hy het geleef in die Vaderskap, in die Vuurkolom, Hy het geleef in die Seunskap, in Jesus Christus; en Hy leef nou in die Heilige Gees, in Sy Kerk. Dieselfde Here Jesus wat vlees geword het en onder ons gewoon het, is by ons hierdie dag, onder ons, in die vorm van die Heilige Gees.

38 Van al die ervarings! Toe ek die eerste gedraai en Dit gesien het, eers gedink Dit sou die son kon wees wat deur 'n—'n wolk êrens geloer het, maar dit was voor die sontyd. Toe, toe ek weer teruggedraai het, en gesien het dit was nie 'n lig nie, dit was

reënboë. En toe, toe ek gekyk het en dit gesien het, het ek oraloor lam geword.

39 Iemand het net vir my gesê: "Het jy nie lus gevoel om uit te roep nie?" Nee, ek het nie lus gevoel om uit te roep nie. Daardie ervarings laat jou nooit lus voel om uit te roep nie, hulle laat jou net geanker voel, net waar dat jy weet dat daar iets is wat jou sê, net 'n tevrede gevoel.

40 Nou, daardie dinge is waarheid. Ek weet ons het dinge wat gesê word, dat sommige mense baiekeer sê: "O, ek glo nie in sulke goed soos dit nie." Ek kan nie instaan daarvoor nie, ek weet nie. Ek kan slegs instaan vir wat ek weet die waarheid is. En God Almagtig, Wat hierdie Bybel geskryf het, en ek is Sy dienskneg, Hy weet dat dit die waarheid is.

41 Dink daaraan, dat die dag waarin ons lewe, net voor die koms van die Here, Jesus gesê het: "Daar sal tekens wees in die lug en op die aarde, groot gesigte, vlieënde pierings, missiele, verwarring van tyd, benoudheid tussen die nasies, en angsvolle gesigte op die aarde." En ons lewe in daardie dag, om daardie dinge te sien.

42 Nou, vir die Boodskap vanmôre wat ek gekies het, wil ek hê julle moet saam met my blaai in die Skrifte, daar na Sagaría. Dit was my . . . Sagaría, die—die 4de hoofstuk.

43 Dit was my begeerte om hierdie dinge vir julle te vertel. Baiekeer gebeur dinge wat ek nie—nie dit spreek, dit nie sê nie. Maar hierdie was te uitstaande vir my om dit van die kerk te weerhou. Dit moet vertel word! En, voor God voor Wie ek staan, dis die waarheid. Ek weet dat daar 'n God is, en ek weet dat Jesus Christus die Seun van God is, Emmánuel, woon vandag onder Sy mense in die vorm van die Heilige Gees. En ek weet dat die koms van die Here naderkom, wanneer tekens en wonders verskyn.

44 Ons is pas deur die Sewe Kerkeeue, en het geleer dat ons in die laaste en Laodicése Kerkeeu is, wanneer die kerk ongevoelig sou wees, koud raak, denomineer, en georganiseer word, organisasies sou dit oorneem, dit opvreet. Maar 'n belofte dat daar 'n klein oorblyfsel sou agterbly. Daar sou 'n Kerk wees wat oraloor versprei sou wees, maar God sou Dit bymekaarmaak en Dit wegraap in die Heerlikheid in; 'n klein geheiligde groepie êrens, wagtend op die Here.

45 Toe, nou die dag, toe ek *Daniël Se Sewentig Weke* gekry het, het net hier in die preekstoel gestaan, het Iets my getref, ek was nooit in staat om daarvan weg te kom nie. Om die uur te sien waarin ons lewe! Ek wil êrens heengaan en iets anders doen, dit uit my gedagtes hou. Ek het te veel geliefdes wat ongered is. Weet, wat kan ek doen om hulle gered te kry? Wat is daar wat ek kan doen? Ek het die Evangelie verkondig. God het groot tekens en wonders gedoen soos Hy nog nooit gedoen het sedert die wêreld, sedert die dae van die Here Jesus, het Hy dit nog nooit gedoen

in al die geskiedenis van die tyd nie. En om die wêreld heen, het dit gegaan. En steeds raak die wêreld voortdurend erger. Maar dan moet ek onthou dat ons lewe in die Laodicése Kerkeeu, waar hulle erger sal word, en Dit het gesê hulle sou.

46 Dan het ek gekies vanmôre, siende dat daardie Boodskap so aangeval was, nog 'n ding waaroor ek so aangevat word, is, genade verkondig. Ek wil praat daaroor vanmôre, waar ek die 4de hoofstuk van Sagaría lees, 'n gedeelte daarvan.

> *En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit. . .slaap opgewek word.*
>
> *En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.*
>
> *Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.*
>
> *Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer?*
>
> *En die engel wat met my gespreek het, antwoord my en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer.*
>
> *Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die* HERE *aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die* HERE *van die leërskare.*

47 Sien julle? Die Boodskap sal nie kom deur een of ander groot magte of kragte nie, maar deur die Gees van God! Laaste vers, 7de vers.

> *Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom! Genade, genade oor hom!*

48 Ons is almal bekend met hierdie Skrif, wat die Bybel lees. Ons weet dat dit was gedurende die tyd van die voorbereiding vir die restorasie van die tempel. En Serubbábel was 'n groot prins onder die mense, wat die fondament van die gebou gelê het. Nou, julle, ek wil hê julle moet julle geestelike denke aantrek, salwingsbaadjie, vanmôre, soos ons dink. En hierdie groot prins was vasbeslote om die huis van die Here te herbou. En toe, toe hy het, het hy die fondamentsteen gelê.

49 En soos ons verder aanlees, vind ons uit dat God gesê het: "Serubbábel het die fondament met sy hande gelê, hy sal ook die sluitsteen voortbring." Ek wil hê julle moet oplet, Hy het nooit gesê hy sal die "Hoeksteen" voortbring nie. Hy sal die "sluitsteen" voortbring.

50 En ons weet dat die Skrif sê dat Jesus die Hoofhoeksteen is, en Hy's ook die Sluitsteen. Nou as ons vir 'n paar oomblikke sal dink, dat, die sewende kerkboodskapper sou "die Geloof van die kinders terugbring tot die vaders." Met ander woorde, die Kerk weer herbou onder die Krag van die Gees. "Nie deur krag, nie deur geweld nie, maar deur My Gees," sê die Here. Nie deur organisasie, nie deur denominasie nie, maar deur die Heilige Gees, sal God die Kerk voortbring in die laaste dag.

51 Serubbábel, die prins met Josua, was die een wat hierdie sluitsteen sou voortbring. Hy het die fondament al gelê, hy het al die mense teruggebring na die fondament, in tipe.

52 Wat, ons almal weet dat hierdie kandelare ensovoorts, het beide Joodse en kerk voorgestel. Hulle was "olyftakke," het die Bybel hier gesê. En die olyftak, ons is die wilde tak wat geënt was in die wortel van die mak olyfboom; Heidene! En uit hierdie twee takke kom aanvoerpype, wat ingaan in die sewe goue kandelare in, om Lig te gee aan die Sewe Kerkeeue.

53 Nou onthou, in ons onderrigting oor die lesse waardeur ons pas is, dat ons die groot piramide gevat en dit vir 'n ruk bestudeer het, wat Henog moes gebou het. En die sluitsteen is nooit in die piramide geplaas nie. Ek was daar. Die argitekskap daarvan kon nog nooit vervang word, tot op hierdie dag nie. Ons het geen masjiene wat 'n piramide sou kon bou nie, geen kragte (tensy die atoomkrag) wat 'n piramide sou kon bou nie, omdat dit te reusagtig is. Stene wat tonne en tonne en tonne sou weeg, staan ver in die lug, so saamgevoeg, dat selfs 'n dun skeermeslem nie sou kon. . . En hulle is nie gesement nie, hulle is net so gesny sodat hulle aan mekaar voeg.

54 Dis hoe die Liggaam van Jesus Christus behoort te wees, so gesny deur die Heilige Gees, deur God se groot Instrument en Gereedskap, dat ons as een Persoon aanmekaar gevoeg is. Ons is nie verdeel nie. Ons behoort een Persoon te wees! En dit dien om te toon dat geen masjienerie dit so kan doen nie. Dit verg God om dit te doen. Geen meganika van organisasie, geen losies, geen van hierdie dinge kan dit ooit doen nie, so goed as wat hulle voornemens ook al is. Hulle kan dit nooit doen nie, omdat dit God vereis om hierdie te doen, die Heilige Gees.

55 Ek dink nie ek het 'n dollarnoot in my sak nie. Maar daar is. . . Ja, ek het, ek het 'n dollarnoot. Ek's jammer. Agterop hierdie dollarnoot, sal julle die seël van die Verenigde State aan die linkerkant sien, wat na julle toe wys. Van my af, sou dit aan die linkerkant wees; julle s'n, is dit regs. Dis die arend. En ook daarbinne die wapenskild ensovoorts. Maar aan *hierdie* kant hier, regterkant vir my, sien julle die piramide. En julle let op, bokant die piramide is die sluitsteen, en onder dit staan daar: "Die Groot Seël." Selfs op ons geldeenheid, dat ons móét herken. Geen ongelowige kan Christendom uitwis nie. Elke brief wat jy

dateer, dateer die geboorte van ons Here. Elke kalender, alles, spreek van Hom. En selfs op ons geldeenheid, die Sluitsteen, wat Christus is! Waarom het hulle nie die sluitsteen op die piramide gesit nie? Omdat die Sluitsteen verwerp is toe Dit gekom het.

56 Maar nou, volgens die profesie, sal daar die Sluitsteen kom. En ek wil hê julle moet oplet dat, wanneer die Sluitsteen kom, sal die prins wat die Boodskap gaan uitroep, roep: "Genade! Genade!" Want dis deur genade wat ons gered word, dit nie uit werke nie, dat geen mens sou spog nie. En die Boodskap van genade is vertrap onder die voete van mense totdat dit 'n skande geword het. Sommige van hulle loop uit in Ewige sekuriteit in, sommige loop uit in alles in. Maar, die ware Boodskap van genade bly dieselfde, en dis daar waar Satan dit probeer uitstamp uit die Kerk. Maar dis die genade van God waardeur ons almal gered word.

57 So in die Godheid van Jesus Christus, as die Here God daar kon kom en bevestig dat dit die Waarheid is, nie slegs dit nie, maar deur Sy Woord bevestig Hy dis die Waarheid, en deur tekens en wonders bevestig Hy dis die Waarheid, dan, ook, is genade die Waarheid. Waarom dan sou enigeen kon kritiseer en sê dat genade verkeerd is, dat "ons gered word deur werke"? Ons word gered deur genade, dit deur geloof, nie deur werke nie. Werke wys dat jy gered is. Maar wat jou red, is die genade van God. Genade red jou. Genade is wat God vir jou doen. Werke is wat jy vir God doen, om jou waardering te wys vir wat God vir jou gedoen het. Maar deur genade word jy gered!

58 Sommige mense dink: "Omdat ek gaan aansluit by 'n kerk, my naam in die boek skryf, dis al wat ek moet doen." Sommige mense dink: "Omdat ek uitroep, dis al wat ek hoef te doen." Ander dink: "Omdat ek in tale praat, dis al wat ek hoef te doen." Sommige dink: "Omdat ek krag het om die siekes te genees, dis al wat ek moet doen." Dit is nie! Dis die genade van God wat jou red, God se onbeskryflike genade. Ek kan nie op enige meriete vertrou nie. Sommige het gesê: "Wel, daar's 'n groot man. Daardie man, ek het hom hoor opstaan en *dit* doen, ek het hom hoor opstaan en *dat* doen."

59 Paulus het gesê, in Een Korinthiërs 13: "Al praat ek met die taal van mense en Engele, al het ek onderskeiding, al het ek gawes, om te voed, sal ek al my goedere neem om die armes te voed, al kan ek berge versit met geloof, al het ek kennis om alle dinge te verstaan, is ek niks, voordat liefde inkom nie, wat genade is." God moet dit doen. Jy kan al hierdie dinge doen en steeds verlore wees. Dis genade wat jou red, God se genade teenoor die menslike ras.

60 Om aan Hom te dink! Ek het aan daardie genade gedink onmiddellik nadat dit verskyn het Vrydagoggend, net met die breek van die dag, daarbo in daardie veld toe ek op 'n stomp

gesit het, later, en trane afkom in my oë. "O God, U genade het afgebuk om my te red. Waarom het U ooit soveel jammerte gehad vir 'n arme, ongeletterde ellendeling soos ek? Hoe het U ooit neergedaal na ons nederige klein tabernakel, waar vrede, en mense uit lae stande van die lewe, arm, het niks in hierdie wêreld nie, en tog word U genade uitgesprei in ons harte, deur die Heilige Gees, dat U ons siekte genees en ons sondes red, ons red van ons sondes, liewer, en ons U mense maak, met ons deel?"

61 Toe het ek aan Dawid gedink, hoedat, toe hy 'n idee gekry het om 'n huis vir die Here te bou, gesê het: "Dis nie reg vir my om in 'n huis van seder te woon, en die Ark van die verbond van my God onder skaapvelle en 'n tabernakel nie."

62 God het vir die profeet gesê: "Gaan sê vir My dienskneg, Dawid, Ek het hom uit die skaapkraal geneem, van die paar skape daar te voed van sy pa, en 'jou 'n groot naam gemaak soos groot manne op die aarde.'"

63 Ek het gedink aan die genade van God, hoedat Hy dit kon doen, red tot die uiterste! En sou dan 'n arme ellendeling soos ek vat, en my die geleentheid gee om die Evangelie te verkondig en om ander gered te sien, hulle genees te sien; sien huise wat opgebreek was, weer reggestel; sien lewens wat verwoes was, weer reggemaak. En om my genade te gee! Ek het gedink: "O, dis onbeskryflike genade!" Kom dan na 'n vernederde, lae eekhoringjagter buite in die bosse, en vorm Homself in die vorm van die reënboog, wat "'n verbond," beteken, met 'n Boodskap wat Hy my gee om te preek, en vorm dit daar in 'n verbond, dat Hy Daaragter is! En Hy sal Daaragter wees, omdat die Boodskap van Jesus Christus en Sy glorie is.

64 Hoe hy my oral oor die wêreld laat gaan het, rondom die wêreld, na die nasies, na die miljoene mense, het miljoene na die Here sien kom en Hom aanneem as persoonlike Verlosser, het hulle met Sy goedheid vervul gesien en geheilig deur Sy krag, hulle sien genees word deur Sy groot tot-alles-in-staat krag. Dan kan ek uitroep soos die profeet, en gesê het: "Dis nie deur krag, of deur geweld nie, maar dis deur die Gees van God." Nie deur geleerdheid nie, nie deur teologie nie, maar deur die Gees van God, red Hy die mense. Deur die Gees van God genees Hy die mense. Dis die Gees van God wat die Boodskap aan die mense gee. Dis die Gees van God wat die Woord bevestig.

65 Ons het teoloë vandag, ons het Doktore van Godgeleerdheid, ons het groot manne oraloor die wêreld, wat slim is, intelligent en geleerd. Maar dit verg die eenvoud om God te glo, om Sy Woord uit te laat spreek, om te wys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Vereis 'n nederige hart, toegewy aan God, om Jesus Christus tot teenswoordige tyd te bring. Amen! As dit teologie vereis het, wat sou die Presbiteriaan, Metodis, Baptis, Katoliek, ensovoorts; ons sou nie 'n kans hê nie, ons arme

ongeleerde mense. Maar dit vereis nie kennis nie. "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees," sê God: "sal Ek hierdie verborgenheid ontvou." En: "Hy sal daartoe uitroep: Genade, genade, met uitroepe en geween." Dis wat dit vandag is, God se onbeskryflike genade vir Sy mense. Hoe Hy die ongeletterde, nie geleerde, neem, wys dat Jesus dieselfde is.

66 Toe Hy gekom het, het Hy nooit na die groot teoloë gekom nie. Hy het ook nie na Kajafas, die hoëpriester toe gegaan nie, net om deur hom veroordeel te word.

67 Maar Hy het vissermanne geneem, manne wat arm was en die alledaagse lewe gewandel het. En daaraan het Hy Homself geopenbaar, en gesê: "Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak," wys dat Sy genade steeds neerreik, selfs van die Jode na die Heidene, om 'n volk vir Sy Naam te roep in hierdie laaste dae, soos ons pas daardeur was. Genade onbeskryflik groot, hoe soet die klank!

68 Genade is oud. Genade is so oud soos die wêreld is. Genade is eers betoon aan die menslike ras toe ons 'n begin gehad het van die menslike ras. Toe die menslike ras eers geskape is in die tuin van Eden, op daardie donker oggend toe daardie vroutjie, wat oor die skeidslyn getree het, en teen God se Gebooie gegaan het en haar man verlei het om dieselfde ding te doen, toe is die wet verbreek. Die wet moet 'n straf hê, of dis geen wet nie. En die wet was: "Die dag dat julle daarvan eet, daardie dag sal julle sekerlik sterwe."

69 Onthou, die eerste oordeelstroon was op die aarde, en dit was in die tuin van Eden. En die laaste oordeelstroon sal op die aarde wees, met die endtyd, die Wit Troon.

70 Maar toe Jehova neergedaal het, sou ek my kon voorstel, was daar nie eens 'n ster om te skyn nie, dit was so donker in daardie ligte tuintjie wat eens was, omdat sonde dit uitgedoof het, die Lig onder hulle weggeneem het.

71 Dis wat die probleem is met die kerke vandag. Dis wat die probleem is met die mense vandag. Sonde het die Lig uitgedoof van die lewende God, om te wys dat Christus steeds dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd, en Hy leef om tot die uiterste te red, en om te genees tot die laagste, siek persoon.

72 O, hoe was dit verskriklik daardie oggend, duisternis hang in die tuin! Ek sal my voorstel mis van swart sak binne. Ek sou my voorstel elke blaar het nooit beweeg nie. Daar het geen wind geroer nie. Dit was duisternis en verskriklik, omdat sonde uitgedoof het.

73 Daar daal Jehova neer soos 'n gedreun van donder, loop deur die tuin, roep: "Adam, waar is jy?" Dis toe dat Adam besef het hy is nakend en het gesondig voor God. Hy het homself verberg en vir homself 'n godsdiens probeer maak, maar dit het nie gewerk

nie. God het ’n paar skape doodgemaak, die velle geneem, en gewys dat iets moes sterf om sonde te bedek.

74 Aansluit by ’n kerk sal nooit sonde bedek nie. Geen droë-oog belydenis sal ooit sonde bedek nie. Dit vereis spyt en bekering, en die genade van God, om sonde te bedek; vir die Bloed van Jesus Christus, die Een wat God doodgemaak het op Gólgota, om sonde te bedek.

75 Daar in die tuin daardie oggend, toe sonde so swart was, het Jehova ingekom. Daar het Sy paartjie gestaan, staan veroordeeld. Daar sou geen menslike ras meer wees nie, hulle moes sterf; dood op die menslike ras, gee die wêreld terug aan wilde dier en daar sou geen menslike ras wees nie. Maar in daardie donkerste van ure, in daardie tyd toe alle hoop weg was, kom genade deurgestroom, het gesê: “Ek sal julle ’n Verlosser gee, ’n Messias.” O, dis ’n wonder hoe God dit ooit kon doen! God se onbeskryflike genade in die tuin van Eden, wat hulle die belofte gee van ’n Regverdige Een Wat sou kom deur die vrou. “Die vrou se Saad sal die slang se kop vermorsel,” die skuldige een: “en sy kop sal haar hakskeen verbrysel,” om te wys daar sou ’n beproewing vir die Kerk wees. Maar Hy het ’n triomf beloof! Wat het ’n Verlosser voorsien? Genade!

76 Wat kon hulle wys om genade te verdien? Wat kon hulle wys om dit te doen? Die weermag-uitdrukking, verskoon dit, ek wil dit slegs maak hier van my preekstoel om ’n punt te maak: “pak die skuld op.” Adam het gesê: “Die vrou wat U my gegee het, het dit gedoen.” Die vrou het gesê: “Die slang het my verlei.” Een het dit op die ander gepak. Daar was geen hoop vir hulle nie.

77 Maar God het genade voorsien, en dit het deurgebreek gekom! En hy het gesê: “Maar Ek sal ’n weg berei, op een of ander manier. Ek sal julle red, ongeag. Julle het verkeerd gedoen, julle het My wette oortree. En My wette sal moet wees, maar oordeel van My wette sal uitgevoer moet word. Daarom sal daar dood moet wees, omdat Ek gesê het ‘dood.’”

78 Nou, my Christenvriende. En hierdie bande hier wat gemaak word, sal oor die wêreld sprei. Laat ek julle iets vra, julle wat probeer om God drie Gode te maak, of julle wat probeer om Hom een te maak, soos julle vinger. Hy’s een in persoon!

79 Dit sou nie reg wees vir God om ’n Engel te laat sterf nie. Hy sou nie die regte soort regter kon wees en ’n Engel vir ’n menslike wese laat sterf nie. Dit maak dit steeds nie reg nie, omdat Sy groot wet dood vereis, en iets moet sterf, en ’n Engel kan nie sterf nie. Hy kon ook nie sê: “Eva, omdat jy veroorsaak het dat Adam dit doen, sal Ek jou laat sterf, Adam laat lewe,” nie, want Adam was ook deelgenoot.

80 Soos iemand gesê het: “Pilatus is geregverdig, hy het sy hande gewas.” Jy kan nie die Bloed van Jesus Christus van jou hande afwas nie. Jy sal nooit hierdie gebou vanmôre verlaat en

Hemel toe gaan, as jy in jou sondes sterf nie. Dis op jou hande. So, dit is nie reg nie.

81 Daar was slegs een regverdige manier. Daar's slegs een manier wat sou kon wees, God se groot wet, vereistes nagekom sou kon word. Hy moes dit Self nakom. Hy moes dit doen. God is 'n Gees en Hy kan nie sterf nie. So God moes mens gemaak word, en Hy het in menslike vlees gesterf, in die vorm van 'n man genaamd "Jesus Christus," en dit was die beloofde Messias wat die genade gebring het. Daar waar jy sien dat God en Christus dieselfde Persoon is, God wat in Christus woon. "Ek en My Vader is Een, My Vader woon in My; nie Ek wat die Woord spreek nie, maar My Vader wat in My woon." God in Christus! Sekerlik.

82 Die genade is belowe in die tuin van Eden, en genade het gekom, genade vir Adam en Eva. Nêrens om heen te gaan nie, geen weg om na te keer nie, en tog het genade 'n weg berei!

83 Laat ek dit sê, my sondaarvriend. Jy mag vanmôre hier wees as 'n prostituut, jy mag vanmôre hier wees as 'n rokjagter, jy mag hier wees as 'n dronklap of 'n dobbelaar, of 'n moordenaar. Jy mag hier wees as 'n onrein eggenoot, 'n onrein eggenote. Jy mag die vuilste van sondaars wees. Jy sê: "Ek is verby daardie stadium van verlossing." Nee, jy is nie, of jy sou nie in die kerk gewees het vanmôre nie. Genade sal 'n weg maak vir jou in hierdie donker uur, as jy dit maar net sal aanvaar. Adam moes gewillig wees om dit te aanvaar, so moet jy. Aanvaar dit.

84 Die genade van God het uitgereik in Noag se tyd. Noag, net 'n gewone man, hy en sy familie. Maar omdat Noag God gevrees het, het hy God geglo! Jy kan nie God vrees sonder om te glo nie. Hoe kan jy iets vrees wat jy nie glo nie? Jy moet God vrees. Salomo het gesê: "Die vrees van God is die begin van wysheid." Nou, net om God te vrees, begin jy wysheid verkry. En die vrees van God, Noag het die Here gevrees en hy het die Here geglo. En dis wat God eer, is jou geloof in Hom. Dis reg. Toe, toe die vrees van God op Noag gekom het, het God hom uit genade geroep, en hom en sy huis gered, omdat dit genade was wat dit gedoen het. Nie omdat Noag 'n yslike groot aansienliker man was as al die res van hulle nie, nie omdat Noag na die beste kerk toe gegaan het wat daar in die land was nie, nie omdat hy behoort het aan die beste in organisasie nie, nie omdat hy beter kon aantrek nie, nie omdat hy meer geld gehad het nie, nie omdat hy een of ander spesiale persoon was nie. Maar vanweë die genade van God, het God Noag gered. Genade het Noag gered (nie sy werke nie; maar Sy genade) en het ook sy familie gered.

85 Ons noem 'n ander karakter waar God se genade heen gereik het, baie van hulle, ons sal net van 'n paar praat. Abraham. Abraham, geen spesiale man nie, het gekom daar van die toring van Babel af, miskien gekom uit 'n afgodsdienaargroep (sy vader), kom daar in die land Sinar daar, om te woon in die

stad Ur. En terwyl hy daar was, het God tot hom gespreek deur genade. Nie omdat hy anders was nie, nie omdat hy 'n beter mens was nie; maar, uit genade, het God hom geroep. Die Bybel maak dit duidelik bekend. O, Abraham, hoe het Abraham nie God se geduld beproef nie! Het vir hom gesê, het gesê: "Abraham, bly in hierdie land, moenie daar uitgaan nie." Maar sodra 'n hongersnood gekom het, het Abraham gehardloop.

86 Abraham het van ons gespreek. God neem—God het Abraham deur genade geneem, en hom gered. En dis hoe Hy jou neem, deur genade. En hoe beproef ons Sy geduld? Vandag is ons bo, môre is ons onder. Een dag glo ons, die volgende dag wonder ons. Vandag is ons 'n Metodis, môre is ons 'n Baptis. Vandag glo ons in Goddelike genesing, môre kom die maagpyn en ons weet nie of ons dit glo of nie. Maar tog, te midde van dit alles, wil God hê ons moet daar bly. Maar Hy red ons, in elk geval. As dit nie was vir die genade van God nie, sou ons almal weg wees. Sekerlik. God red ons deur Sy genade.

87 Abraham was veronderstel om in daardie land te bly, maar hy het gegaan daar in die Galdeërs in, of, nie Galdeërs nie, maar die Filistyne. Het daarheen gegaan om te vertoef, om uit die hongersnood te kom. Dinge was 'n bietjie moeilik daar in sy land, toe het hy daarheen gegaan om daar te reis saam met hulle. Het gedoen presies wat God hom gesê het om nie te doen nie, maar tog het die genade van God aan hom verskyn, het Farao verhoed van be- . . . of die—of die koning van sy vrou te vat. Genade van God. Toe Abraham gesê het: "Dis my suster," gelieg het daaroor, maar tog het die genade van God hom gehou, omdat hy hom bekeer het. Hy was gewillig om hom te bekeer.

88 En enigiemand wat gewillig is om hom te bekeer, die genade van God geld steeds vir jou. Die genade van God is op soek na jou. So, dit geld vir julle afvalliges vanmôre, die genade van God soek steeds na julle. As julle julle slegs sal bekeer, God se genade is voldoende.

89 Hoe het Hy goeie ou Abraham nie geneem, hom teruggebring nie! En onthou, Abraham is nie gered deur sy werke nie, hy is gered deur genade. Abraham is gered deur geloof wat genade is. En God het Abraham gered vanweë Sy genade, nie vanweë sy gedrag nie. Hy het hom gered vanweë Sy genade. O, hoe goed! Hy is deur genade gered.

90 Laat ons Israel neem. Ek het 'n Skrif hier neergeskryf. Ek skryf dit neer en ek kan net daarna verwys in my gedagte. As julle dit wil neerskryf, dit sal 'n goeie een wees om te onthou as julle wil, Deuteronómium 7:7. God het Abraham Sy belofte gegee, of nie vir Abraham gegee nie, verskoon my, vir Israel gegee. En het vir hulle gesê: "As julle nie met afgodery sal assosieer nie! As julle nie hierdie dinge sal doen nie! As julle sal wegbly van al hierdie heidense seremonies! As julle al hierdie dinge sal doen,

dan sal Ek julle na 'n goeie land bring, sal Ek vir julle sorg, sal Ek julle voed, sal Ek julle lei. Ek sal hierdie dinge doen as julle so-en-so sal maak, as julle My sal liefhê, as julle My Gebooie sal onderhou, My statute, My verordeninge. Ek sal hierdie dinge doen as julle maar net iets sal doen, en My Gebooie onderhou en My liefhê."

91 Net soos 'n man wat 'n vrou vat, en sê: "As jy 'n goeie vrou sal wees, as jy sal sorg vir die huis, as jy getrou aan my sal wees, as jy my klere sal skoon hou; as ons kinders het, as jy 'n moeder sal wees vir hulle; as jy dinge sal doen, sal ek werk tot my hande bloei, om vir jou 'n lewe te maak, as jy dit sal doen." Maar dan, dink, wat as daardie vrou verkeerd uitdraai, lui lewe, nie wil werk nie, niks wil doen nie? Dan vereis dit genade om daardie familie bymekaar te hou.

92 O God! Dit het die genade van Jehova vereis om Sy familie bymekaar te hou. En dis al manier waarop ons vandag Jehova se familie is, is vanweë die genade van Jesus Christus; ons sou almal weg gewees het. Maar dis genade, o, genade!

93 Nou, maar hulle het dit nooit onderhou nie. Maar hulle was, het nooit tot die volle belofte gekom nie; nie daardie geslag nie. Nee, die een aan wie daardie belofte gemaak is, het in die woestyn omgekom. Maar God het hulle gevoed, God het vir hulle gesorg, God het hulle liefgehad, Hy het rondbeweeg. Waarom? Sy genade het dit gedoen, Sy genade vanweë Sy belofte, Sy belofte toe, die genade wat met Sy belofte saamgegaan het. Maar hulle het nooit tot die volle waarde van die beloofde land gekom nie.

94 En hierdie kerk kom ook nie tot sy volle waarde nie. Die genade van God hou ons. Maar Hy wil 'n kerk hê wat Hom sal gehoorsaam, 'n volk wat Sy Woord sal vat en sê: "Dis die Waarheid," ongeag van jou organisasie. Hy wil 'n volk hê wat nie sal sê: "Wel, ek's net so goed soos jy. Ek's Presbiteriaan, ek's Metodis, ek's Katoliek, ek's so goed soos jy," nie. Dis nie genade nie; dit wys daar is iets verkeerd.

95 Maar 'n persoon, ongeag, wat God se Woord sal lees en sien dat jy wedergebore moet word en vervul met die Heilige Gees, hulle sal dit glo, hulle sal dit volgens die Woord neem. Hulle sal die Woord neem presies wat Dit sê.

96 Soos in dope en besprinkeling; doop is reg. Daar is niemand ooit in die Bybel besprinkel nie, nie so-iets in die Skrif nie. Daar is ook nooit enigiemand gedoop in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," in die Bybel nie. Hulle is, elkeen, gedoop in die Naam van Jesus Christus. So daar's nie een, nie eens een spikkel geskiedenis vir. . . As enigiemand êrens kan wys, êrens in die geskiedenis, waar enige persoon ooit gedoop was in die Bybel, of driehonderd jaar na die dood van die laaste dissipel, tot die Katolieke kerk, as enigiemand êrens kan wys dat enigiemand ooit gesprinkel of gedoop was in die naam van "Vader, Seun,

Heilige Gees," tot die Katolieke kerk, is julle sielsverplig om my te kom sê. Dis nie daar nie. Maar wat doen ons?

97 Ons is deur *Die Kerkeeue* en het gesien waar hulle dit moes doen. So, sien julle, God wil iemand hê wat Hom sal gehoorsaam. As dit nie in die Skrifte is nie, dan is dit nie 'n mens-. . . dis 'n mensgemaakte doktrine en nie 'n Bybeldoktrine nie. Sien? So ongeag van wat die kerk is, hoe verkeerd jy was, watter verskil maak dit? Dis hoe reg jy nou kan wees! God se genade het dit vir jou gewys, wandel dan daarin. God se genade!

98 Onthou Moses, ook, daardie groot leier. God behoort hom dood te gemaak het toe hy daar gegaan het om homself te verheerlik deur die Rots te slaan, gesê het: "Julle sien wat ek kan doen?" met ander woorde. "Julle opstandelinge, moet ons vir julle water aandra uit hierdie Rots?" En hy het Dit geslaan en die waters het nie gekom nie; hy het Dit weer geslaan. Wat het hy gedoen? Hy het getuig van die swakheid van—van Christus, omdat Christus daardie Rots was. Dis die Sluitsteen. In plaas van dit te slaan, of te praat daarmee . . .

99 Dit was een keer geslaan. Onthou, God het vir Moses gesê daar in Eksódus: "Gaan uit en Ek sal voor—voor jou staan, op die Rots, en slaan die Rots." En hy het die Rots geslaan en Dit het waters voortgebring. God het gesê: "Die volgende keer, gaan praat met die Rots en Dit sal Sy water voortbring."

100 Maar Moses wou wys hy het 'n bietjie outoriteit gehad, 'n bietjie krag, toe het hy gesê: "Ek sal vir julle water uit hierdie Rots voortbring." God behoort hom dood te gemaak het, daaroor. God behoort hom af te geskei het, dat hy God se wet net daar gebreek het, want hy het gepraat van die swakheid van Christus, Hy moet die tweede keer geslaan word. Christus is net een keer geslaan. Nou praat ons met die Rots, en Dit bring Sy waters voort.

101 Maar wat was dit? Laat ons na die ou man kyk, hy's 'n honderd-en-twintig.

102 Iemand het nie lank gelede nie, vir my gesê, het gesê: "God is 'n onregverdige God," gesê: "omdat Hy Moses in die steek gelaat het. Nadat hy geswoeg het met daardie Hebreërs vir veertig jaar in daardie wildernis daar, het Hy hom in die steek gelaat en wou hom toe nie eens in die beloofde land laat ingaan nie."

103 Ek het gesê: "O, onsin!" Nee, Hy het Moses nie in die steek gelaat nie. Hy het na die beloofde land gegaan. Omtrent sewehonderd jaar later, is hy gesien bo-op die top van die Berg van Verheerliking, so lewendig as wat hy ooit was, gestaan, gepraat met Jesus voor Hy na Gólgota gegaan het, hy en Elía, saam gestaan, ook gepraat. Moses en Elía het verskyn aan Jesus, Petrus, Jakobus en Johannes, op die Berg van Verheerliking. Hy was nie dood nie. Hy was lewendig. God het hom nie in die steek gelaat nie. Hy was in Palestina.

104 Nou kyk, voor hy gesterf het, het hy Berg Nebo opgeklim, daardie oggend toe hy geweet het hy gaan. Hy het Aäron klaar ontklee, sy klere op 'n ander geplaas. Het sy eie kleed gevat, dit op Josua gesit, hom beveel om daardie voorskrifte te onderhou! En toe hy geklim het bo na die top van Berg Nebo, het deur die vallei van die vlaktes gegaan, geweet hy gaan daarnatoe om te sterf, en het op Berg Nebo opgeklim, en bo na Pisga. En terwyl hy daarbo gestaan het, het God gesê: "Kyk oor die land heen. Ek wil hê jy moet dit sien. Moses, jy sou daarheen kon gegaan het. Maar weet jy wat jy gedoen het daaronder by die Rots daardie dag? Jy het jouself verheerlik." Ek dink dis wat die groot probleem gaan wees met 'n klomp van ons mense vandag. "Gaan daarheen by die Rots en jy het jouself verheerlik." Maar let op, toe hy gereed was om te sterf, het die Rots daar gestaan. Hy moes maar net oorgetree het op die Rots daar by Pisga, en God het hom begrawe. Maar hy moes weer opgestaan het, êrens, want hy was lewendig. Hy was 'n tipe van Christus. Daar was hy, het gestaan op die Berg van Verheerliking, honderde jare later, oorkant in Palestina. Sien, die genade van God het die Rots voorsien. O, goeiste!

105 Wanneer ek aan Abraham dink, aan al die foute wat hy gemaak het, en Moses en sy fout, maar toe Abraham se kommentaar geskryf is, toe die Goddelike kommentaar geskryf is, toe Paulus Abraham se kommentaar geskryf het, het hy nooit een ding genoem oor Abraham se ongeloof nie. Nee, nee, was nooit eens toegeskryf aan hom nie. Hy het gesê: "Abraham het nie geweifel oor die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God lof gegee."

106 My nederige gebed is, voor die genade van God wat vanmôre hier is, ek hoop myne word so geskryf, dat Hy my foute nie sal sien nie. Dat wanneer my kommentaar geskryf word, my doodsberig, dat dit nie uitgelees sal word dat ek foute gemaak en verkeerd gedoen het nie, maar dat Hy slegs die dinge sal sien wat ek vir Hom probeer doen het. Mag hulle slegs word . . . Wat doen dit? Hy sal die genade van God neem waarin ek glo. En dis waarop ek alleen staat maak. Want op my eie meriete sou ek net so min kon ingaan as geen van die res, maar op die genade van God maak ek staat. Ja, dis genade waarop ek staat maak.

107 Daar was 'n Rots daar, toe Moses gereed gemaak het om te sterf.

108 Wat sou ons van Dawid kon sê? Die genade van God! Daardie groot krygsman aan wie God Self . . . Hy het gesê: "Hy's 'n man na My Eie hart." Daardie groot krygsman, Dawid, hoe sou hy so 'n ding kon doen soos hy gedoen het, om Uria te vat, sy soldaat, toe hy 'n handvol Heidene as soldate daar gehad het? Luister mooi na hierdie storietjie net vir 'n oomblik. Toe hulle hulle soldate daar gehad het, en Uria was die een wat by Dawid gestaan het. Uria was 'n bekeerling, hy was 'n Hettiet, 'n bekeerling tot die Joodse godsdiens. En daardie manne was so lief vir Dawid! Hulle het

gesien die salwing was op hom, al was hy 'n—was hy 'n vlugteling. Hy was uitgedryf uit sy eie land, en moes by die Filistyne lewe. Saul het hom gejag. Maar tog het daardie manne, hulle het die salwing op hom gesien! Hulle het geweet hy gaan mag bekom. Glorie aan God!

109 Ek's so bly om vandag 'n vlugteling te wees, omdat ek sien Christus gaan inkom om Koning te wees. Julle kan al die Kennedy's verkies en wat julle nog wil. Maar Christus sal Koning wees! Die salwing is op Hom, op Sy Boodskap van Sy Koms. En Hy sal Koning wees!

110 Wat het hulle gedoen? Eendag het hy daar gestaan, gesmag na water om te drink van die poort daar by Betlehem, waar hy altyd skaap opgepas het. En weet julle wat? Twee van daardie manne het 'n swaard gevat en deur vyftien myl mensvleis gekerf, om vir hom 'n emmer water te kry. Omdat, wel, sy geringste begeerte was 'n bevel vir hulle. Dink daaraan! En hulle het deur daardie manne gekerf, heelpad tot die top van daardie berg tot waar hulle gesê het dat hy gestaan het, dit sou omtrent vyftien myl wees. Hulle het daardeur gegaan. En elke man wat opgestaan het, hulle sou met hom veg tot hulle hom doodgemaak het. Het deurgegaan! En het hierdie emmer gevat en 'n emmer water gekry, regdeur die vyand se linie, twee man, om vir hulle koning, hulle broer, water te kry om te drink. Wanneer hy daar water gehad het om te drink, maar hy wou *daardie* water gehad het.

111 O God, laat my die Swaard van die Woord neem en deur elke organisasie sny, om die doop van die Naam van Jesus Christus, en die Krag van die opstanding en die Heilige Gees na die mense terug te bring, ongeag van. . . omdat Hy krag gaan bekom. Hy gaan krag bekom, Hy sal alleen staan. Maar Dit het deur elke organisasie gesny, deur elke teorie gesny, elke mensgemaakte geloofsbelydenis, totdat jy vir die Verlosser 'n skaap terugbring wat afgedwaal het, iemand, bring weer die Bybelse Doktrines terug, van Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Die genade van God!

112 Kyk na Dawid. Hoe kon hy gemaak het. . . eens in 'n gat gespring en 'n leeu doodgemaak. Hoe kon Dawid Uria se vrou vat, die beeldskone Batséba, as hy vyfhonderd van sy eie gehad het? Maar het haar gesien bad. En daar's die nalatigheid. Nou, sy het net vergeet om die blindings af te trek toe sy gebad het, en het geweet daardie koning maak 'n draai daar, daarrond, elke dag, daar oor daardie muur.

113 Dis wat die probleem is. Ek dink nie vroue vandag so nalatig of so, wel, hulle gaan eenvoudig nakend uit, dis al, in die strate, klein ou kleertjies aan. Dis 'n skande! En wonder dan waarom mans blaas en fluit. Wel, hulle doen dit om hulle te laat fluit en aangaan. Hulle weet dit, hulle het verstand genoeg om dit te weet. Hulle doen dit net omdat hulle wil. Dis in hulle hart. Sê

jy vir hulle hulle is onsedelik, kan hulle dit dalk betwis. Maar hulle kan dalk nie onsedelik wees nie, hulle kan so rein soos 'n lelie wees, wanneer dit by seksuele kom. Maar, onthou, daar's 'n gees op hulle, daardie salwing van die duiwel, stuur een of ander man se siel hel toe. Onthou, die Bybel het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk, om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." En onthou, suster, jy sal verantwoording doen vir egbreuk pleeg, al het jy dit nooit werklik in jou hele lewe gedoen nie, maar daardie sondaar wat na jou gekyk het, die manier wat jy aangetrek het, sal skuldig wees aan egbreuk. Jy sal verantwoording doen op die Oordeelsdag, vir egbreuk pleeg. Wanneer hy moet sê . . .

114 Hy sê hier, Hy het op Sy Boek geskrywe: "Egbreuk pleeg."

"Met wie?"

"Mev. John Doe."

"Dan, Mev. John Doe, wat daarvan?"

115 "Ek sweer ek . . . U ken my rekord, ek het nooit saamgeleef met 'n ander man behalwe my eie man nie."

116 "Maar jy het jouself geklee sodat jy veroorsaak het dat hierdie man egbreuk pleeg. En jy's skuldig aan egbreuk saam met hom. Dis wanneer hy dit gedoen het. Jy is te blameer, jy was die een wat jouself aangebied het."

117 Batséba het verkeerd gedoen, net soos Eva verkeerd gedoen het, maar Adam was ingesluit daarby. Ek dink ons raas ook altyd oor vroue. Julle seuns van God, manne. Ek weet julle is die sterker klomp, dis reg, die sterker geslag. Julle is oor die vroue, dis waar, so tree daarvolgens op. Moet hulle nie oorweldig nie, 'n meisietjie probeer vat en haar lewe ruïneer nie. Maar wees 'n seun van God, sê vir haar sy's verkeerd, en staan soos 'n seun van God. Sy's jou suster. Ja, meneer. Wat ons probeer doen, wat vandag sogenaamde seuns van God is, behoort aan kerke, neem elke meisietjie uit wat hulle kan. Onthou, omdat daar 'n onsedelike vrou is, mag wees omdat een of ander getroude man haar ook geruïneer het. So, die pot kan nie die ketel verwyt nie, so onthou net. Dis sonde wat dit alles doen. En ons is almal onderhewig aan die dood, en behoort daarvoor te sterf.

118 Toe Dawid daardie bose ding gedoen het, moes sy eie oordeel hom doodgemaak het. Toe daardie profeet daar aangekom het, het hy gedink dit was weggesteek. Toe daardie profeet daar gekom en voor hom gestaan het, het hy gesê: "Dawid, gaan alles goed?"

Het gesê: "Alles is reg."

119 Dawid, in sy hoë kleed en sy groot kroon, en hy het Joab daarbuite gehad, sy groot generaal, en al die gevegte wat aangaan. Hy het al sy vyande van die grense af weggehou en dinge, alles het reg verloop. Hy het 'n baba by hierdie Batséba

gehad. En het arme klein Uria daar laat uitgaan, en Joab gehad om aan sy sy te staan, totdat hy teruggeval het van hom af. En—en—en die seun het gesterf toe die son gesak het, met die krygsmes in sy hand, bloed op sy skild, waar hy vir Israel gestaan het, al was hy 'n bekeerling tot hulle godsdiens. Toe, toe Joab terugkom en hom gesê het dat—dat Dawid ge-. . . dat—dat Uria gesterf het, het Dawid gedink: "Alles is nou reg. Ek het sy vrou, en alles sal reg wees. Het 'n baba." Maar Die baba het siek geword. Die baba het begin sterf. En hy het alles gedoen wat hy kon om die baba se lewe te red, dalk het elke dokter gekom. Van geen nut nie. Uiteindelik het die baba gesterf. Hulle was bang om vir Dawid te sê dat die baba gesterf het. En hy het gesterf. Toe het hy gedink alles was verborge. Toe het hy Batséba vertroos. Hy het haar alreeds tot vrou geneem, na al daardie ander vroue.

120 Hierdie ou profeet, ou bleskop-kêrel het ingestap, ou Natan, uit die wildernis, het gaan sit, gesê: "Dawid, hoe gaan alles?"

121 Het gesê: "Goed! Goed! Ou profeet van God, leef vir ewig! Halleluja!" O, hy was net. . . Hy het gedink alles was goed, hy het gedink hy kon dit wegsteek.

122 Maar jy kan nie vir God wegsteek nie! Hy weet wat jy juis nou dink. Hy ken jou gedagtes, want Hy is God. Daardie Heilige Gees wat vanmôre in die gebou is, ken jou gedagtes, wie jy is, van waar jy kom, wat jy gedoen het, want Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

123 God het dit aan daardie profeet geopenbaar. Hy het gesê: "Dawid, daar het 'n ryk man gelewe aan *hierdie* kant van die pad, hy het 'n hele klomp skape gehad, o, hy was baie ryk. 'n Man het aan *hierdie* kant van die pad gewoon, was arm, hy het een lam gehad. Hy het dit soos 'n dogter behandel. Hy het dit gevoer uit dieselfde lepel waarmee hy geëet het. Hy het geslaap saam met die lam. Alles was net. . . Dit was net soos 'n dogter vir hom. En eendag het 'n besoeker gekom, so, in plaas dat die ryk man een van sy eie skape vat en 'n feesmaal maak vir die besoeker, wel, in plaas daarvan, het hy gegaan en die arm man se lam gevat, en met geweld, die lam gevat en dit geslag, en 'n feesmaal gemaak."

124 Nou, dit was Dawid se passies. Hy het vyfhonderd vroue gehad, maar toe hy Uria se vrou gesien het, in plaas van een van sy vyfhonderd vroue te vat, om sy passies te stil of bevredig, het hy gegaan, hierdie ander man se vrou gevat, toe vir Uria doodgemaak toe sy 'n moeder word. Dawid het nie geweet wat hy aan die doen was nie, wel, Dawid was gereed om oordeel te vel. Dis hoe ons is. Ons kan altyd die ander kêrel veroordeel, maar wanneer dit by ons kom, is dit anders.

125 Dawid het gesê: "Die man sal met sy lewe boet."

126 Daardie ou profeet, daardie oë het skrefies geword. Hy het gesê: "Dawid, jy sal beslis nie sterf nie!" Hou dop hoe genade

daar te werk gaan heel spoedig. Die Gees het die profeet getref, Dawid se lewe gered. Genade: "Jy sal beslis nie sterf nie, maar die swaard sal nie jou huis verlaat voordat dit jou hart deeglik gereinig het nie. Want, jy is daardie ryk man." O, dit was toe anders, was dit nie?

127 Wat het Dawid gered, toe sy eie oordeel gesê het: "Die man sal sterf! Hy sal die uiterste betaal, en hy sal met sy lewe daarvoor betaal"?

128 En die profeet het gesê: "Beslis (genade) sal jy nie sterf nie. Jy sal nie sterf nie, Dawid. Genade het jou gered." Dit was genade, vir Dawid, wat hom gered het. O, goeiste!

129 As dit nie vir genade was nie, waar sou ons almal wees? Is dit reg? Sekerlik.

130 Soewereine genade is van 'n soewereine Een. Soewereine genade van 'n soewereine Een. Soewerein, wat kan dit doen? Soewerein kan doen wat dit ook al wil. Luister nou hierna. Soewereine genade kan net verleen word deur Een wat Soewerein is. En God is Soewerein, so Hy kan soewereine genade verleen. Gevolglik, synde Soewerein, hoef genade nie enigiemand te vra nie, dit hoef nie. Dit doen wat dit wil. Is dit nie wonderlik nie? Dit hoef nie te vra: "Kan ek dit doen? Of, sal ek dit doen? Kan ek? Moet ek? Sal ek?" nie. Doen dit nie. Dit doen dit self. Genade is Soewerein, gevolglik kan Hy die vuilste red, kan Hy die ergste red, kan Hy die onreinste red, kan Hy die onsedelikste red, kan Hy die siekste genees. Halleluja!

131 Hy kan 'n ellendeling soos ek red. En Hy het. Wat is dit? Genade! William Branham, 'n dronklap se seun. Dit maak geen verskil nie, die genade van God het my gered!

132 "Ek, ek's 'n vrou se dogter wat nie goed was nie." Maak geen verskil nie, die genade van God het jou gered. Dis Soewerein, hoef niemand niks te vra nie. Amen! Ek's so bly daaroor. Halleluja!

133 Kan die vuilste sondaar vat en wit maak soos sneeu, hoef niemand daaroor te vra nie. O, Dit kan dit doen, want Dis Soewerein. Luister nou gou.

134 Dit is by die kruis bewys, toe daar die vuilste dief was, hy het verdien om te sterwe. God het nooit in sy gemoed opgekom nie. Hy het nooit niks Daarvan gedink nie. Daar op die kruis toe, deur daardie bebloede lippe, tussen die kreune deur, het daar 'n geluid gekom: "Here, wees my genadig!"

135 En daar het 'n ander Een teruggekom deur Bloed, trane, foltering, het genade 'n houvas gekry en gesê: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." Genade het dit gedoen. Hoe sou daardie dief homself kon help? Nie meer as wat Adam homself kon help nie, nie meer as wat Eva haarself sou kon help nie, nie meer as wat jy jouself kan help nie, nie meer as wat ek

myself kan help nie, met nie meer as wat ons onsself aan ons skoenveters na die Melkweg sou kon opruk nie. Ons sou dit nie kon doen nie. Maar die genade van God kan iets daaraan doen, en dit doen dit! Die genade van God, die soewereiniteit van die genade van God, kom tot daardie sterwende dief: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." O, dink daaraan! Dis wonderlik.

136 Dink aan liefde en genade as susters, tweelingsusters. Jy kan nie genade hê sonder om liefde te hê nie. Hulle is tweelingsusters. Presies reg. Voor jy genade kan hê, moet jy liefde hê. Voor jy werklik iemand 'n guns kan bewys, het jy hulle lief; reg of verkeerd, jy moet hulle liefhê, nietemin, of jy kan nie. Sien? So liefde en genade is dieselfde ding. Hulle is net tweelingsusters, dis al, liefde en genade. Hulle, ons was. . .Ons kan nie die een sonder die ander sien nie. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het," Hy het Sy genade afgeskud, en dit in ons harte gebring deur die Heilige Gees. Sien? Daar's net niks wat jy kan doen sonder om een met die ander te werk nie. Genade, genade van God, is wat ons red.

137 Nou vind ons uit, daardie genade, daar soos daardie sterwende dief, geen wonder dit het digters geïnspireer toe hulle dit sien nie. Een digter het gesê:

Met vreugde het die sterwend' dief gesien
Hoe daardie fontein in pas;
Waar ook ek, hoewel so vuil soos hy,
Al my sonde weg kan was.

In geloof het ek die stroom gesien
Wat uit U wonde vloei,
En reddende liefde was sedertdien
Die tema wat my boei.

Dan sing ek 'n edeler, soeter lied,
U reddingskrag te loof,
As hierdie stamelende tong van my
Stil in die graf verdoof.

Genade, onbeskryflike groot genade! Halleluja! Een beskryf dit:

O, God se liefde, ryk en rein!
Met krag, en dis verniet!
Dit sal vir ewig nog bly skyn,
Vir eng'le, heiliges se lied.

Was die oseaan met ink gevul,
Van perkament die lug gemaak;
Was elke strooi op aard' 'n veer,
En skrywer elke man se taak;

Sou God se liefde te beskryf
Die oseane droog laat word;
En daardie rol omhoog gestrek,
Bly nogtans steeds te kort.

138 Dis wat dit is, genade, die genade van God. Die genade van God het 'n skadu voortgebring . . . God het genade in ons lewens ingebring deur Sy liefde vir ons. Hier's iets anders wat genade nie kan doen nie; genade kan nie gekoop word nie, genade kan nie verkoop word nie. Dis genade! Dis deur 'n soewereine Een. Ja, meneer. Jy kan nie daaroor kibbel nie. Jy kan nie sê: "God, ek sal *so-en-so* maak as U *so-en-so* sal maak," nie. Jy kan dit nie doen nie. God sal dit nie doen nie. Jy kan niks uit God uit trek nie. God gee dit vir jou deur Sy genade. O, o, o, goeiste!

139 "Nie hy wat wil, of hy wat hardloop nie, maar God wat genade betoon." Dis reg.

140 Mense lê op hulle aangesigte. En sommige manne kom na my toe . . . Ek meen ek het een van die kêrels vandag hieragter in die gebou gesien. 'n Metodiste kêrel pas ingekom, en het die Heilige Gees ontvang, van daar in . . . En daardie kêrels het na my toe gekom, gesê: "Nou, Broer Branham, noudat ons gered is en die Heilige Gees ontvang het, sal ons na gawes gaan soek?"

Ek het gesê: "Moet dit nie doen nie. Moet dit nie doen nie."

141 God gee Sy gawes soewerein. Gawes en roepings is sonder bekering. Voor jy jou kom kry, gaan soek jy iets. "God, maak U my net 'n prediker. U moet net *dit* vir my doen," en wat gaan jy wees? 'n Groot opgepofde hemp, dis al. Jy sal gaan na een of ander man se teologie en een of ander organisasie, en daar sal jy jou as pilaar vestig en verkanker. Laat God die roeping doen. God sal jou roep, God sal jou heilig, God sal jou gee wat Hy nodig sal hê om jou te gee. Ja, meneer.

142 Jy kan nie onderhandel vir genade nie. Nee, meneer. Jy, kan nie verkoop word nie, daarvoor kan nie onderhandel word nie, nóg kan dit nie gekoop word nie, kan nie verhandel word nie. Jy kan nie sê: "Wel, nou, Here, ek sal gaan aansluit by hierdie yslike groot Baptiste kerk, of hierdie groot Metodiste kerk, of hierdie groot Pinksterkerk, of hierdie groot Nasarénerkerk. Ek sal *dit* doen as U net *dit* sal doen vir my," nie. Daar kan nie oor onderhandel word nie. Nee, meneer.

143 "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. Niemand kan kom tensy My Vader hom eers roep nie."

144 Word jy slegs 'n lidmaat van daardie groot kerk, dis al, sal jy nie gered word nie. Genade moet jou red. Ons talente berus nie, en ons talente kan nie wees ons—ons . . . Ons talente wat ons het, ons kan nie genade verdien deur talente nie.

145 As God my 'n prediker gemaak het, wys dit nie Sy genade was met my nie. Nee, nee. Dis slegs Sy genade wat my gered het. Nie

omdat ek die Evangelie verkondig; word ek gered nie. Nie omdat jy in tale praat, word jy gered nie. O, nee. Nie omdat jy, omdat jy preek nie. Jy word nie eens gered net omdat jy preek nie. Jy word—jy word nie gered omdat jy in tale praat nie. Jy word nie gered omdat jy enige van hierdie dinge doen nie. Een Korinthiërs 13 bewys dit: "Al sou ek die tale van mense en Engele spreek, al sou ek al die verborgenhede van God verstaan ('n prediker), al sou ek *dit* alles doen, en geloof hê om berge te versit, is ek niks totdat liefdadige genade inkom nie, wat liefde is." Liefde is genade. Die genade van God doen alles.

146 Sommige mense, julle het talente soos sommige van hierdie ruk-en-rol konings. Dit maak my net siek in my, ek weet nie, my geestelike gastronomie. Ek sal julle sê, wanneer ek hierdie ruk-en-rol hoor opstaan op 'n Saterdagaand en ruk-en-rol sing, en heelnag dans, en dan die volgende oggend die gehoor en sulke dinge kom trotseer met 'n lang skynheilige gesig te probeer opsit, en staan daar op voor die mense en sing een of ander kerklied, en dink hulle gaan Hemel toe gaan. Ek sou baie name kon noem, maar ek hoef nie. Hierdie band gaan oral heen. Maar julle almal weet. 'n Seun, hier nie lank gelede nie, in Hollywood, wou nie 'n meisie soen nie, omdat dit teen sy "godsdiens" was. Teen sy "godsdiens," en maak ruk-en-rol films en dinge wat skandelik is, en dinge soos—soos dit. Dink jy dat jy jou dertig silwerlinge sou kon vat en iets verdien in God se genade, Judas? Sal niks behalwe 'n plek in die hel vir jou koop nie!

147 God se genade kan nie voor onderhandel word nie, ook nie . . . ingetalent word nie. Dis soewereine genade! "Niks bring ek in my arms nie, bly net aan U kruis vashou." Nakend, gewond, ek kom net soos ek is.

Net soos ek is, met geen pleidooi,
Net vanweë U vergote Bloed, daarom,
En omdat U my na U nooi,
O Lam van God, ek kom!

148 Dis al, dis genade wat my gebring het. Genade het dit gedoen. Genade is soos, 'n ander ding wat ek graag wil sê, somtyds is genade . . .

149 Hierdie groot kerke, hulle dink dat jy daarheen kan gaan, hulle dink: "Wel, ons het die grootste kerk in die stad gebou. Ons het 'n dameshulpvereniging hier wat arm . . . klere vir die armes maak, en dit oorsee stuur. Ons voed die armes. Ons doen *dit* alles."

Paulus het gesê: "Ek kan dieselfde ding doen, en niks."

150 Hulle sê: "Wel, ons, ons is 'n ou organisasie. Ons was al vir tweeduisend jaar hier gewees. Ons is vyfhonderd jaar oud. John Wesley, Alexander Campbell, en hierdie groot stigters destyds, hulle het ons kerk gestig. Halleluja!"

151 Wel, Jesus Christus het hierdie Kerk gestig, die doop van die Heilige Gees, en hulle gesê om op te gaan na Pinkster toe, en te wag totdat hulle die Krag van Omhoog ontvang het.

152 En steeds kan jy aan die Pinksterkerk behoort en verlore wees. Pinksterkerk is niks meer as enige ander kerk nie. Dis reg.

153 Die ding is dit, daar's slegs een Kerk, dis die Kerk waarin jy gebore word deur die doop van die Heilige Gees: "Want deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam in," Een Korinthiërs 12:13, dis reg, Een—Een Korinthiërs 12. Nou, ons word in daardie Kerk ingedoop.

154 Maar mense dink dat hulle dit kan verdien. "Wel, ons, ek—ek het skool toe gegaan en het geleer om *dit* te doen, en ek het na seminariums gegaan en ek het gedoen . . . " Dit beteken nie een ding nie. Jy kan nie God se genade koop nie.

155 God se genade is soos dit. Laat ek julle 'n storie vertel, ter afsluiting. God se genade is soos dit. Eenkeer was daar 'n magtige koning, en hierdie magtige koning het 'n seun gehad en dit was sy enigste seun. En eendag het 'n moordenaar daardie seun doodgemaak. En die afgevaardigdes het deur daardie koninkryk gesoek vir daardie moordenaar. Hulle het uiteindelik daardie moordenaar gekry. En toe hulle hom gekry het, het hulle hom teruggebring en hom in die tronk gesit. En toe hulle het, is 'n verhoor gehou en 'n oordeel is gevel. O, dit was 'n vreeslike ding. Hy het die koning se seun vermoor, en hy het geweet wat vir hom voorlê.

156 Hulle het hom in die binneste selle ingesit, hulle het die deure gesluit, hulle het slotte daaraan gesit sodat niemand . . . die wagte rondom, omdat ons weet watter soort aaklige straf hierdie seun gaan ontvang, omdat hy die koning se seun doodgemaak het, die koninklike koning se seun. Wagte is oral rondom die deure geplaas. Hy is in 'n binneste sel geplaas. Gestroop, met niks behalwe 'n lendekleed aan nie. En daar was hy, sit daar in daardie toestand. Aan die doodgaan van die honger, wou hom niks te ete gee nie. Hy het in daardie toestand gesit.

157 Toe het hulle hom vir 'n verhoor uitgebring. Hy is skuldig bevind en skuldig bewys. 'n Vonnis is gereël, dat hy gedood moes word onder verskriklike liggaamlike straf, hy moes duim-vir-duim doodgemaak word, totdat sy sterflike lewe weg was. Gevonnis deur die regter, moes hy sterwe. En hy het gesoebat en hy het gehuil, en hy het gesê: "Al is ek skuldig, al is ek skuldig, is ek jammer dat ek dit gedoen het. Ek wens ek het dit nooit gedoen nie. Ek is jammer dat ek dit gedoen het. In 'n oomblik, in 'n woedebui, het ek dit gedoen. Ek het nie bedoel om dit so te doen nie."

158 Eendag het die koning na die plek toe gegaan, om die seun te besoek, om hom te sê, met hom te gesels en hom te vertel oor doodmaak van sy eie seun, die enigste seun wat hy gehad het.

Hy het daardie seun doodgemaak. Hy het gesê: "Ek gaan met hom praat."

159 En toe hy daarnatoe gegaan het, het hy agter in daardie hok gekyk, soos 'n ingehokte dier. Hy het sy maer liggaampie daaragter in 'n hoekie sien lê, aan die huil. Sy gesig ingesak, sy kakebene teruggesak, sy oë ver agter, goed was oral in sy oë, en sy mond was oral wit; geen water nie, dors. Lê daaragter op sy gesig, huilend. Die koning het gesê: "Staan op." Hy kom na hom toe, en hy het na hom gekyk. Hy het gesê: "Waarom het jy my seun doodgemaak? Wat het my seun jou aangedoen? Wat het hy gedoen om so 'n dood te regverdig soos jy hom doodgemaak het, hom met 'n spies doodgesteek het?"

160 Hy het gesê: "Niks nie, my heer, nie een ding nie. Net my eie voortvarendheid, net my eie maniere. Ek het hom doodgemaak omdat ek jaloers was op hom, en ek het in 'n woedebui geraak en ek het hom doodgemaak." Het gesê: "Nou moet ek sterwe onder u oordeel, meneer. Ek besef dit en ek verdien om dit te doen. Al ding waarvoor ek huil, dat ek net jammer is dat ek daardie koninklike man so doodgemaak het, sonder 'n oorsaak."

161 Die koning het op sy hakke omgedraai en uitgestap, daar na die toonbank gegaan en gesê: "Vernietig al die rekords!" Julle weet, plaas hulle in die see van vergetelheid. "Vernietig al die rekords! Was hom skoon, maak hom skoon. Ek sal 'n kleed vir hom aanstuur."

162 Na 'n ruk, het 'n yslike groot limousine by die deur aangery gekom. Toe dit het, is 'n tapyt uitgesprei na die tronksel toe. Die koning het by die punt van die limousine gestaan, gesê: "Kom, my seun, en ry saam met my na die paleis toe," het die koning se kleed om sy skouers gesit. Hy het gesê: "Van nou af aan is jy my seun."

163 Omdat hy jammerte gehad het, dis genade. Dit was ek, dit was julle. Ons het die Seun van God doodgemaak, met ons sondes. Ons was vreemd, vuil, smerig, in die selle van die wêreld gelê. God het ons gewas deur die Bloed van Sy Eie Seun, en het ons gereinig, die kleed van Heilige Gees omgesit. En nou sal die groot strydwa van God eendag terugstoot tot by die deur, en sal ons huis toe gaan om saam met Hom te leef. Alle rekords is vernietig, ons kan nie meer beoordeel word nie; het hulle uitgebrand. Hy het hulle in die see van vergetelheid geplaas en onthou nie meer daarvan nie. Geen wonder dat ons kan sing!

Genade onbeskryflik groot
Het my terug laat keer!
Ek het ver verdwaal, is weer gevind;
En verblind, maar sien nou weer.

Genade het my hart leer vrees,
Tog verlig dit so;

Genade, hoe kosbaar het dit gewees
Die oomblik toe ek glo!

164 Sal jy dit nie jou uur laat wees nie, sondaarvriend, terwyl ons net 'n oomblik ons hoofde vir 'n woord van gebed buig? Laat hierdie die uur wees, dat jy die eerste keer geglo het, sommer nou. Laat jou gedagtes gaan, en sê: "Here God, ek's skuldig. Ek besef dit vereis genade om my te red. Ek kan nie myself red nie. Ek's verlore. Ek's klaar. Ek kan net nie 'n ding doen nie. Ek—ek—ek is totaal hulpeloos, hopeloos, sonder God, sonder genade, sonder Christus, in die wêreld, vervreemd. Sal U nie genadig wees en my uitneem uit hierdie sel van sonde waarin ek vandag is nie, O Here? En wees my, 'n sondaar, genadig." Sal jy jou hand opsteek, sê: "Here God, ek's daardie persoon wat U genade nodig het"? Sal jy jou hand opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham, ek sal nou glo"? God seën jou daaragter, my broer.

165 Iemand anders sê: "Broer Branham, dink nou aan my, o, broer, doen dit asseblief, in gebed." God seën jou, dame. "Bid dat . . ." God seën jou, broer. God seën jou, suster. God seën jou, broer, hier by die venster. God seën jou, broer, daaragter. God seën jou, broer, hier, die ander een. "Dink aan my, Broer Branham." God seën my broer daar. Ja, die ander een hier. God seën jou, suster. God seën jou hier, broer. Hy sien julle nou. Bedoel dit regtig. God seën jou, jongman. Hy sien, weet. God seën jou, broer. God seën jou, suster teen die muur. God seën jou hieronder, broer. God seën jou, broer agter teen die muur.

Net soos ek is, sonder . . .

Sou daar nog een wees? God seën jou. Ek sien jou hand daaragter.

Maar dat U Bloed vir my vergiet is,

Ja, Here. God seën jou, suster.

En dat . . . (God seën jou, suster) . . . U sê my kom . . . (God seën jou, daar ver agter . . . ? . . .) . . . U,
Genade, genade, ek . . . (God seën jou, jongdame.) . . . Ek kom.

Net soos ek is, probeer nie meer
Om self my siel eens skoon te skeer,
Tot U, U Bloed kan elke smet verteer,
O Lam van . . . (genade, o, genade) Ek kom! Ek kom!

166 Nou, daar het omtrent vyftien of twintig hande opgegaan. Nou met julle hoofde gebuig, gaan ek julle vra, wat julle hande opgesteek het, staan nou net stil op julle voete terwyl ek vir julle gebed doen. Ons het nie plek hier by die altaar nie. Dis net, ek kan nie. Staan julle op julle voete, almal wat hulle hand opgesteek

het, wat nou voor gebid wil word. Staan op op julle voete sommer nou terwyl ek gebed doen. Staan net op julle voete, oral.

> . . . gegiet vir my,
> En dat . . .

Dis goed, God seën jou . . . ? . . .

> . . . ek kom tot U,
> O Lam van God, ek kom!

167 Onthou, daar mag 'n dag wees wanneer genade nie meer sal vertoef nie, nie meer oorvloedig sal wees vir jou nie, dit sal te laat wees. Nou is dit nie te laat nie.

168 O God, die Vader van ons Here Jesus Christus, Wat ons Verlosser weer uit die dood teruggebring het, nou lewe, Hy Wat volkome in Heerlikheid is, die Heilige Gees van Christus op ons stuur, om oortuiging na die sondaar te bring. God, ek bid vir hierdie mense wat op hulle voete staan. Dit is die waarheid, Here. U het gesê: "Hy wat van My sal getuig voor mense, van hom sal Ek getuig voor My Vader en die heilige Engele." Ons weet, wanneer ons op daardie groot oordeelsoggend staan, watter tyd dit sal wees. Hulle staan nou, Here, sodat hulle sondes voor hulle sal gaan; sommige mense se sondes volg. Hierdie mense staan hier vanoggend omdat hulle hulle sondes bely, in die wete dat hulle verkeerd gedoen het, en hulle wil U as hulle Verlosser hê. U ondersoek die begeertes van die harte, en U weet alles van hulle.

169 Ek bid, Vader, dat U hulle versoeke sal toestaan. Red hulle. Hulle is die trofeë van die Boodskappie vanoggend; van die genade van God; maak nie saak wat ons gedoen het nie, buig steeds neer en kry ons. Skenk dit, Here. Skenk genade aan hierdie harte. Mag hulle altyd Jesus as hulle Verlosser sien. Hulle het die daad gedoen. Die Heilige Gees het hulle gesê om op te staan, en hulle het. Die Heilige Gees wat hulle sê om te staan. En hulle het, in gehoorsaamheid aan die Gees, gestaan.

170 Nou, Here, U hou U Woord. U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier verwerp nie. Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nooit onder die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood tot die Lewe." Gevolglik, God, op die basis van hierdie Skrifte, is hulle U Eie Woorde, Here, wat ons gelees het in Johannes 5:24: "Hy wat sal luister na My Woorde en glo in Hom wat My gestuur het, het!" Waarom? Omdat hy geglo het, het genade hom besoek. "Het tot ewigdurende Lewe gekom en sal nie na die oordeel kom nie (hy sal voor die oordeel gaan), en nie na die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood tot die Lewe." O God, hoe dank ons U nie hiervoor nie!

171 Ons bid nou dat U hulle deur die lewe sal hou. Mag hulle, elkeen, gedoop word, met beroep op die Naam van die Here, wat hulle sondes wegwas. Skenk dit, Here.

172 Nou stel ek hulle aan U voor, as U dienskneg, glo dat die groot Engel van God Wat daar verskyn het. En, Vader, U ken daardie hele storie, en daardie groot Engel wat daar verskyn het Vrydagoggend, net met grys dagbreek, en hierdie Woorde gespreek het, in die vorm van drie reënboë wat van die top van die berg af opkom. Here God, laat daardie God Wat aan my verskyn het daar in die reënboë, laat Hom hierdie mense red, deur Sy genade, sommer nou. Ek gee hulle aan U, in verwagting dat U U Woord sal hou, en U sal, en ek hulle sal ontmoet op daardie groot dag, sonder 'n smet of rimpel op hulle siel. Skenk dit. In Jesus se Naam, gee ek hulle aan U. Amen.

173 God seën julle. Nou soos julle gaan sit, wie ook al naby daardie mense sit wat Christen is, skud hulle hand. Vertel hulle, nooi hulle na die kerk, en wat nog, dat hulle kan wees . . . O, is Hy nie wonderlik nie?

Genade onbeskryflik groot
Het my terug laat keer!
Ek het ver verdwaal, is weer gevind;
En verblind, maar sien nou weer.

Genade het my hart leer vrees,
Tog verlig dit so;
Genade, hoe kosbaar het dit gewees
Die oomblik toe ek glo!

Het julle geglo? As julle het, steek julle hand op.

O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
O, hoe lief het ek Jesus,
Want Hy was lief vir my.

Al was ons daar tienduisend jaar,
Geskitter soos die son;
Was dae steeds te min, God's lof te sing (dank God!)
Soos reg aan die begin.

174 Het julle Hom lief? Nou, is Hy nie wonderlik nie? Nou . . .

Al . . .

Terwyl ons dit weer sing, wil ek hê jy moet hande skud met iemand by jou, heel rustig, sê: "God seën jou, pelgrim." Werklik sagweg en heilig nou.

Al was ons . . . [Broer Branham en gemeente skud hande—Red.] . . . ? . . . God's lof
Soos reg aan die begin.

By die kruis, by die kruis waar ek eens die Lig aanskou,
Het die las van my hart af weggegly,
Dit is daar deur geloof dat ek weer kon sien,
En nou is ek heeldag o so bly!

O, by die kruis, by die kruis waar ek eens die Lig aanskou,
Het die las van my hart af weggegly,
Dit is daar deur geloof dat ek weer kon sien,
En nou is ek heel dag o so bly!

Is julle nie bly nie?

Ek's so bly, want Jesus stel my vry,
Ek's so bly, want Jesus stel my vry,
O, ek's so bly, want Jesus stel my vry,
Sing van glorie, Halleluja, Jesus stel my vry.

O, ek's so bly, want Jesus stel my vry,
O, ek's so bly, want Jesus stel my vry,
O, ek's so bly, want Jesus stel my vry,
Sing van glorie, Halleluja, Jesus stel my vry.

175 Het julle Hom nie lief nie? Is Hy nie wonderlik nie? O, ek dink net Hy's wonderlik. Nou, dink net, dat hierdie Bybel Sy Waarheid is, en hierdie Bybel leer Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ek wil julle iets vra. As Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd . . . God vergewe my vir sê van die heiligskendende woord "as," maar Hy is dieselfde. Maar as Hy dieselfde is, ek sal dit so stel, watter soort Persoon sal Hy dan wees? Hy sou dieselfde wees as wat Hy was.

176 Nou, daar's slegs een ding wat anders sou wees in Hom wat hier is vanoggend, as wat Hy was tussen die mense in Galiléa, dit sou Sy Eie liggaam van vlees wees, Sy liggaamlike liggaam; omdat dit opgewek was (glo julle dit?), sit aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, ewiglewend om bemiddeling te doen vir ons belydenis. Onthou, Hy kan nie een ding vir ons doen, voordat ons Hom eers aanvaar, en glo dat Hy het, en sê dat Hy het nie, want Hy is die Hoëpriester wat kan . . . Hy's die Hoëpriester wat bemiddeling doen na ons belydenis.

177 Nou, 'n klomp van julle Bybellesers sê Dit sê "erken." En *erken* en *bely* is dieselfde woord. Sien? "Die Hoëpriester gemaak," in die Boek van Hebreërs, 3de hoofstuk: "doen nou bemiddeling na ons belydenis." Dan kan Hy niks doen voordat ons eers bely dat Hy dit gedoen het nie. Sien, jy kom neer hier by die altaar en bid heelnag, sou jou nie bietjie goed doen voordat jy glo dat Hy jou vergewe nie, dan staan jy op. Dan soveel geloof as wat jy het, dis waar jou . . . Jy het eenkeer ver onder hier in die slyk van sonde gelewe. Nou, julle jong bekeerlinge, nou glo julle julle is gered, dan nie? Toe het julle *hier* opgestaan, het julle 'n bietjie hoër gelig. Wat doen dit? Julle geloof, omdat julle glo julle

is nou 'n Christen, julle sal nou bokant daardie ding lewe. Sien? Nou, as julle 'n bietjie hoër wil lig, wees net meer gelowig, want dis onbeperk, hou net aan.

178 Wel, o, 'n onmoontlike kan werklik gemaak word. Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo. Dis reg. "As jy vir hierdie berg sê: 'word geskuif,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo wat julle vra word vervul, kan julle kry wat julle sê."

Nou, Jesus Christus woon in die mense.

179 Eendag was Christus in 'n Vuurkolom, daardie Een wat julle afgeneem sien, ons glo Dit Jehova God te wees. Dis wat die Engel na ons probeer bring het. Nou, Hy was toe in die Vaderskap, Hy was die Vader van Israel, 'n nasie.

180 Toe het Hy neergedaal en onder Sy mense gewoon as Christus, die Seun. Is dit reg? Christus was die Seun van God.

181 Nou is Hy Christus, die Heilige Gees, wat die Salwing is. *Christus* beteken "die gesalfde," en die gesalfde Een op die mense, Christus met ons, die Heilige Gees. Dis Christus met ons, in ons. Glo julle dit? Wees werklik eerbiedig, net vir 'n oomblik, stilweg. Is Hy nou dieselfde?

182 Ek meen 'n ruk gelede het ek 'n oproep gekry, en het gesê die mense struwel oor sitplekke en dinge hieronder. Ons sal lateraan daaroor praat in 'n kerkdiens. Ek het toe vir Billy gesê, as hulle vir die siekes gaan bid, as daar soveel daar was, om gebedskaarte vir hulle uit te gee. Hy het gesê hy sou. Ek veronderstel hy het.

183 Vir die laaste twee of drie maande, sedert 'n sekere geleentheid wat iets gebeur het, het die bediening by so 'n punt gekom dat dit 'n bietjie uit my hand geraak het. Hulle sou daardie onderskeiding ensovoorts sien, hoe dit sou spreek en die mense sê, presies net soos ons Here gemaak het toe Hy hier op aarde was. Julle almal het dit gesien, veronderstel ek. Hoeveel hier het dit nog nooit gesien of dit nog nooit gesien werk nie? Laat ons julle hande sien, het dit nog nooit gesien nie. O! Nog nooit dit sien werk nie. Wel, daar's 'n groep hierbinne wat dit nog nooit gesien het nie, ek skat vreemdelinge. Ons weet nie waar die mense vandaan kom nie.

184 Hierdie is 'n interdenominasionele tabernakel. Ons is nie teen denominasies nie, maar ons—ons is ook nie vir hulle nie. Ons laat hulle net maak wat hulle wil. Ons glo in die mense te neem . . . As hulle wil teruggaan na denominasie, in orde, solank hulle 'n Christenlewe lei. Ons net—net 'n siele-reddende stasie hier. Dis wat my bediening is vir hulle.

185 Nou, maar ek glo dat die Bybel leer, in Hebreërs 13:8, dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, as Hy dieselfde is . . . Nou terwyl julle almal werklik stil sit net vir 'n minuut, wil ek met julle praat sommer reguit uit my hart, en dan sal ons

die genesingsdiens hê. Ek wil julle iets vra. As Hy dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd, hoe het Hy dan . . . Die enigste manier waarop ons dan sou kon sê, as Hy 'n Gees is, Hy sou optree op dieselfde manier wat Hy gister het. Is dit reg? Hy sou op dieselfde manier optree as wat Hy gister het. Hoe het Hy gister opgetree?

186 Was Hy anders as enige ander mens? Hy's net 'n mens, het gelyk soos 'n mens. Hy was 'n mens. Hy is gebore, Hy was 'n mens. Hy het vlees en Bloed gehad. Hy het gely, Hy het gekreun, Hy het deur versoekings gegaan. Hy was 'n mens. Dis reg, is dit nie?

187 Maar wat het Hom God gemaak? Is omdat die Gees van God op Hom was. Hy was die gesalfde Messias. En hoe het hulle geweet Hy was? Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n profeet oprig soos wat ek is. En dit sal vervul word, dat wie ook al nie na hierdie Profeet sal luister nie, afgesny sal word onder die mense uit." Nou, Hy was 'n profeet. Was Israel dan op soek na 'n profeet? Hulle moes wees, as hulle op soek was na 'n Messias. En 'n Messias sou 'n profeet wees.

188 Nou laat ons net daardeur gaan vir 'n sekonde, vir net 'n paar sekondes, en luister mooi. Nou, hou julle gedagte op God, omdat ons nie weet wat God sou kon doen nie, nie weet wat Hy my sal sê om te doen nie.

189 Ek weet dat ons 'n gawe van profesie in die kerk het. Ons Broer Neville, hy profeteer oor die mense, wat wonderlik is. Ons waardeer dit. Ons het deurgans daarna verwys. Ons het sommige hier wat in tale praat. Ons glo nie mense moet in tale praat om die Heilige Gees te hê nie. Daar's geen Skrif vir so-iets nie. Maar ons glo daar is 'n gawe van die Heilige Gees wat in tale praat, ons het dit in ons kerk. Maar ons laat hulle . . . Ons hou nie aan met tekere gaan nie. Ons glo Dit is die Stem van God. Ons praat wanneer die Heilige Gees praat, en ons laat dit slegs drie keer kom. En dit moet wees . . . kan nie wees terwyl ek preek of in orde is nie, want die gees van die profeet is onderworpe aan die profeet. Sien? Dit moet uitgevoer word op Bybelreg. Niemand kan sê dat daar nie so-iets is soos die gawe van die Heilige Gees en praat in tale nie. Ons weet dit. Die Bybel leer dit, en ons glo daarin. En dank God ons het dit hier in ons kerk! Ons het gawes van profesie, hulle moet eers getoets word en kyk of hulle reg is of nie, en dan die gawe van profesie.

190 Dan is daar 'n profeet. Nou, dit, nou kom jy in 'n amp in.

191 Hulle is gawes, hulle is, praat in tale, uitleg van tale, en kennis, en wysheid, en onderskeidings, ensovoorts. Hulle is almal gawes.

192 Maar dan is daar vyf ampte. Eerste is apostels, profete, leraars, evangeliste, en pastore. Dis bestemde ampte van God. Mense hou hulle, sien. Hulle is nie, kan nie . . . Jy kan nie vir hulle wens nie, jy kan nie vir hulle bid nie; hulle word soewerein gegee, jy word gebore.

193 ’n Profeet is nie ’n profeet as iemand hande op hom lê en hom ’n profeet maak nie. ’n Profeet word gebore uit sy moeder se skoot, is ’n profeet, sien, so hy’s altyd ’n profeet. Sien?

194 God het vir Jeremía gesê: “Voor jy nog in jou moeder se skoot gevorm was,” gesê: “het Ek jou geken en jou geheilig en jou bestem tot ’n profeet vir die nasies.” Dis reg. Sien? Moses, voor hy gebore is, was hy ’n behoorlike kind. Hy was die profeet van die Here. Die hele res van hulle wat na vore gekom het. Christus was die Seun van God, van die tuin van Eden af. Dis reg. Sien, gawes en roepings is sonder bekering.

195 Maar gawes word gegee aan die Liggaam. Nou ons herken dit, ons herken al hierdie gawes.

196 Nou laat ons sien wat Jesus tussen ons was, sien wat Hy destyds was. Ons vind uit toe Hy aanvanklik Sy bediening begin het. . . Nou, luister mooi, vreemdeling. Toe Hy aanvanklik Sy bediening begin het, in Johannes, die 1ste hoofstuk, het ons uitgevind na Hy gedoop was, na Hy kom. . . Hy is gebore en het dertig jaar oud geword, Hy is deur Johannes gedoop. Die Heilige Gees het neergedaal soos ’n duif en neergekom op Hom, en ’n Stem het gekom en gesê: “Dit is My geliefde Seun in Wie. . . ” Die regte oorspronklike Grieks het gesê: “In Wie Ek ’n behae het om in te woon.” Het gesê: “In Wie Ek ’n behae het, in Wie—in Wie Ek ’n behae het om te woon.” Maar, sien, dit klink ’n bietjie agterstevoor vir ons, en die werkwoord voor die bywoord, maar eintlik is dit “Wie Ek behae het om in te woon.” Want Christus, God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen. Ons weet dit.

197 Nou, onmiddellik het Hy veertig dae in die wildernis ingegaan, versoek deur die duiwel. Toe het Hy na vore gekom met Sy bediening, vir die siekes begin bid.

198 En na ’n ruk, het daar ’n man met die naam van Simon Petrus aangekom, ’n ou visserman, ongeletterd, kon nie eens sy eie naam skryf nie. Andréas het hom vertel van hierdie Kêrel wat hy geglo het die Messias is. “Onsin!”

199 Het na Hom toe gekom. En sodra hy nadergekom het in die Teenwoordigheid van Jesus, het Jesus gesê: “Jou naam is Simon, en jy’s die seun van Jona.” Hy het geweet iets het gebeur. Hy het geweet dit was die Seun van God. En dit het Hom behaag om hom die sleutels tot die Koninkryk te gee, het hom die hoof van die kerk gemaak.

200 Daar het ’n kêrel daar gestaan, met die naam van Filippus. Filippus het dit gesien, en hy het gedink: “Wonderlik! Ek ken ’n man wat ’n Bybelstudent is, woon omtrent vyftien myl om die berg. Ek sal omloop en hom vertel. Sy naam is Natániël.”

201 Hy het heel vinnig daar omgeloop daardie dag. Volgende oggend kom hy daar, dalk met dagbreek. Loop nader en klop aan die deur. En Mev. Natániël het gesê: “Wel, hy is buite in die

boord daar, Filippus." Sy vriend, en hy het daarheen gegaan, en hy was op sy knieë, aan die bid. Sodra hy opgekom het van sy knieë af, het Filippus gesê: "Kom, kyk Wie ek gevind het! Jesus van Násaret, die seun van Josef."

202 Nou hierdie godsdienstige, groot hoogwaardige, het gesê: "Sou daar enigiets goeds uit Násaret kon kom?" Hy het hom 'n goeie aanhaling gegee, goeie ding, hy het gesê: "Moenie tuis bly en dit kritiseer nie, moenie daaroor gaan praat nie. Kom net, kyk vir jouself. Kom, kyk! Kom net, vind uit of enigiets goeds uit Násaret sou kon kom."

203 "Jy bedoel die Messias? Wel, die Messias sou kom, Hy sou neerdaal, en neer uit die . . . Die gange van die Hemel sou neergelaat word, Hy sou kom reguit na die paleis. Hy sou na ons groot organisasie toe kom." Hulle dink dit steeds, julle sien, dit moet na hulle organisasie toe kom. "Hy sou reguit na ons organisasie kom, afloop op die gewelfde van die paleis daar. En Hy sou uitgaan in die buitenste sale en kom tot reg op die troon op, en bo na die Allerheiligste, en sê: 'Ek is die Messias.'" Messias kom nooit so nie. Messias kom waar Hy wil. Hy's soewerein, Hy maak soos Hy wil.

Hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "kom en kyk! Kom, kyk self."

204 Moenie rondstaan en sê: "Ek glo nie in daardie holy-roller goed nie." Kom net, vind uit of daar enigiets Daaraan is.

205 So hy, op die pad soontoe, ek kan hulle hoor praat. Laat ons, sou julle wou hoor waaroor hulle gepraat het? Laat ons luister en kyk wat hulle gesê het. Ek glo, op die pad langs gegaan, julle weet, het Filippus gesê: "Weet jy Natániël, ek weet jy's 'n Bybelstudent, so ek wil jou iets vra. Ons is op soek na 'n Messias, is ons nie?"

206 "O ja, ons kom by die laaste dae vir hierdie geslag en hierdie, ek glo dié geslag sal die Messias sien." Nou luister. "O, maar hier is ons, ons is nie eens 'n nasie nie, ons is almal verspreid onder die mense. Hoe kan ons? Dit alles!" God kom in die uur wat jy nie dink nie. Dis wanneer Hy daar is.

207 Hy het gesê: "Maar, wag 'n minuut, watter soort persoon sal hierdie Messias wees?"

"O, Moses, ons leermeester, het ons gesê Hy sal 'n profeet wees."

208 "Ek gaan jou vertel van hierdie Jesus van Násaret. Onthou jy daardie ou onkundige visserman wat jy daardie keer daardie vis gekoop, gebring het, van hom gekoop het, en hy kon nie die kwitansie teken nie, het nie genoeg geleerdheid gehad nie?"

209 "Ja! O, o, ja, uh-huh. Jona en Jona se seun. Ja, ek het ook van Jona gekoop."

210 "Wel, nou, weet jy wat? Petrus kom daar . . ." Of Simon, liewer, sy naam was toe Simon. Hy het gesê: "Simon het daar

na Sy byeenkoms gekom. En sodra hy nadergestap het, hy. . . Onthou jy hoe Simon ons altyd vertel het dat sy vader hom gesê het dat: 'Moenie mislei word nie, omdat daar baie valse profete sal wees voor die ware Messias.' En dis waar. 'Baie valse boodskappe sal uitgaan.' Maar het gesê: 'Jy sal weet wanneer die ware Boodskap kom, want, onthou, ons Jode glo dat hierdie Messias 'n profeet sal wees.' Ons glo ons profete."

211 Vra 'n Jood nou. Israel, wanneer hulle daardie Bybel optel net daar nou, kom aan van Iran en dinge, hulle lees Dit. Hulle sê: "As daardie Jesus die Messias was, laat ons Hom die teken van die profeet sien doen, ons sal Hom glo." Ja, meneer. Hulle weet daardie profete is betroubaar.

212 So Natániël moes gesê het: "O, ek glo die Messias sal 'n profeet wees, omdat Moses gesê het: 'Die Here ons God sal 'n profeet oprig.'"

213 "Wel, toe hy dit gesien het, daardie Simon van wie jy praat, het Hy gesê: 'Jou naam is Simon, en jy's die seun van Jona.' Nie alleen het Hy hom geken nie, maar Hy het daardie goddelike ou Fariseër-pa van hom geken."

"A! Ek kan dit nie glo nie. Jy't by die diepkant ingeval."

214 Hy het gesê: "O, nee, ek het nie! Kom jy, vind uit. Kom, kyk! Komaan!" Voort padlangs gegaan.

215 Eindelik het hy nadergeloop in die Teenwoordigheid waar Jesus was, miskien gestaan in die gehoor êrens. Jesus staan daar, kyk rond. Na 'n ruk het Hy gekyk, en het Hy Natániël daar sien staan, Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Dít het die styfheid uit hom gehaal. Dít het die wind uit die seile gelaat. "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

216 "Dis God," het hy gesê. "Rabbi," beteken *leermeester*: "Rabbi, wanneer het U my ooit geken? Ek het U nog nooit tevore ontmoet nie, ek's 'n vreemdeling in hierdie gemeente, ek was nog nooit tevore hier nie. Hoe sou U my ooit ken?"

217 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

218 Dit was Jesus gister. Is dit reg? As Hy dieselfde is, is Hy vandag dieselfde. Laat ons 'n ander nasie mense vat. Daar was 'n nasie mense. . .

219 Daar was slegs drie nasies mense, en dis Gam, Sem en Jafet se mense. Sien? Dis presies. Dis waar, met Pinkster, waar die Evangelie gegaan het, het na die Jode, dan na die Samaritane, en dan na die Heidene. Sien, Gam, Sem en Jafet se mense, is—is die drie nasies. Nou, daar's twee nasies van hulle op soek na 'n Messias; nie ons Heidene nie. Ons het 'n knuppel op die rug gehad, ons was heidene, het afgode aanbid, maar nie—nie Gam en Sem nie.

220 Nou, daar's 'n ander een nou, die—die ander nasie was die Samaritane, wat half Jood en Heiden was, veroorsaak deur die huwelik van die sonde van Korag daar, en hulle het weggegaan. En hulle het in God geglo, hulle was op soek na 'n Messias. So Jesus het gegaan, Hom voor hulle aangebied. Hy het gekom na die Jode, Sy Eie, maar Hy het behoefte gehad om by Samaria langs te gaan. Johannes 4, het julle dit al ooit gelees? En Hy het behoefte gehad om by Samaria langs te gaan. So Hy het by die stad Sigar gekom, so Hy het net Sy dissipels ingestuur om bietjie eetware te koop. En terwyl hulle weg was . . .

221 As julle al ooit daar was, dis 'n panoramiese, 'n put, daar's 'n stadspomp, soort van, waar hulle die water laat afkom. Julle weet, die vroue kom en vat die slinger en laat die emmer afsak, kry die water, sit dit op hulle kop. En nou die vroue met 'n reputasie, die slegte vroue, hulle kon nie saam met die goeie vroue kom nie. Hulle het nie saam geassosieer in daardie dae nie. As 'n vrou sleg was, het sy in haar eie geselskap gebly. Nie vandag nie; hulle is almal saam, maar hulle sommer . . . maar hulle, dis net soos om te fokus op die middel van 'n eier; jy maak van alles 'n rooilig, sien. So dan, hulle, so hierdie vul . . .

222 Vrou met 'n reputasie kom daarheen, omtrent elf-dertig of kwart-voor-twaalf, omtrent hierdie tyd van die dag, kom sy daar uitgestap om 'n emmer water te kry. En sy laat die . . . sit die . . . Ek kan haar die ou spil hier sien sit en die slinger, laat dit afsak in die put, om 'n emmer water te kry. En net omtrent die tyd dat sy dit begin opbring, het sy iemand hoor sê: "Vrou, bring vir My water om te drink." En sy het soontoe gekyk en daar was 'n Jood. Nou, hulle het nie enigiets met mekaar te doen gehad nie.

223 Middeljarige Man, Hy was omtrent dertig. Maar die Bybel het gesê Hy het vyftig gelyk, julle weet dit. Hy het gesê: "U sê dat U Abraham gesien het, en U is 'n man van nie meer as vyftig jaar oud nie." Hy was net dertig. Sien? Gesê . . . Ek skat Sy bediening het Hom nogal heelwat afgerem. Toe het hy gesê: "U sê dat U Abraham gesien het, nou weet ons dat U 'n duiwel het."

224 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Sien, Hy's die God van Abraham. Sekerlik, Hy was. Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Sekerlik.

225 En nou, sit Hy daar by die put, Hy het gesê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

226 Sy het gesê: "Dis nie gebruiklik nie. Ons het segregasie hier." Soos hulle altyd in die Suide gehad het, met gekleurde en wit, sien. Sy het gesê: "Ons het segregasie hier. Nie gebruiklik vir U om my te vra nie, U ('n Jood) vra my ('n vrou van Samaria) om 'n guns, enigiets te bring. Ons het niks met mekaar te doen nie." Sy was 'n klein prostituut-vrou, julle weet. So, waarskynlik 'n mooi vroutjie. En sy het daar gestaan, miskien haar krulle alles af oor haar gesig, julle weet, en was heelnag uit gewees. En—en toe sê

sy, en sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir U om my, 'n vrou van Samaria, so-iets te vra nie."

227 Hy het gesê: "Vrou, as jy geweet het Wie met jou praat, en jy geweet het met Wie jy praat, sou jy My gevra het vir iets om te drink." Dis die Messias gister, sien. "Jy sou My gevra het vir iets om te drink, Ek sou jou water gee wat jy nie hier kom optrek nie."

228 "Wel," het sy gesê: "die put is diep, en U het niks om mee op te trek nie, van waar sou U my enige water gee?" Het gesê: "Ons vader Jakob!" Sien, sy was Samaritaans, maar sy het ook Jakob haar vader genoem. "Ons vader s'n, Jakob het gedrink van hierdie put, sy beeste, sy familie. En tog sê U U het groter water as hierdie?" Het gesê: "U sê 'aanbid,' U synde 'n Jood, U sê 'Jerusalem.' Ons sê in hierdie berg."

229 Hy het gesê: "Vrou, die tyd kom, en is nou, dat wanneer die ware aanbid, God in die Gees sal aanbid, omdat God 'n Gees is." Sien? "Vader soek sulkes om so te maak."

Wat het Hy gedoen? Hy het met haar gepraat, om met haar gees kontak te maak. Sien? Nou, onthou, Hy moet Messias wees voor daardie Samaritane. En direk het Hy haar probleem gevind. Hoeveel weet wat dit was? Sekerlik. Sy het saam met haar sesde man gelewe.

So, julle sien, dis verkeerd wanneer jy 'n lewende man het, is in, en—ensovoorts, en gaan uit. En sommer om enige rede, sit 'n vrou eenkant, en trou met haar, en gaan trou 'n ander een, trou 'n ander een, trou 'n ander een, jy behoort dit nie te doen nie. Toe het Hy gesê, sy . . .

Dan het sy, ek skat sy het gelewe sonder om eens met hulle getroud te wees. Sy kan dalk nooit met hulle getroud gewees het nie. Sy kon dalk nooit eens getroud gewees het nie. So sy het al hierdie bose dinge gesê, julle weet, al hierdie bose goed gedoen.

So toe, terwyl Hy daar gestaan het, *so* na haar gekyk het, het Hy gesê: "Gaan, bring vir My water om te drink." En sy het gesê . . . "Maar as jy geweet het met Wie jy gepraat het, sou jy My gevra het vir iets om te drink. Ek sal jou water bring wat jy nie kom . . . Ek sal jou water gee, jy nie hierheen kom om te drink nie." Toe het Hy gesê: "Gaan, haal jou man en kom hierheen."

Sy het gesê: "Meneer, ek het nie 'n man nie."

"O," het Hy gesê: "jy het reg gesê. Jy het vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Daarin het jy reg gesê." Sy, luister, daardie vrou . . . Nou toe die . . .

Wat het die Jode Hom genoem toe hulle Hom dit sien doen het? Het hulle Hom herken as die Messias? Nee. Wat het hulle gesê was Hy? "Beëlsebub, 'n fortuinverteller," gesê: "daardie krag was Beëlsebub." En hulle het die Gees van God, wat daardie onderskeiding gedoen het, genoem "'n onrein ding."

Hy het gesê: "Spreek julle 'n woord teen My, sal Ek julle vergewe. Maar eendag kom die Heilige Gees, om dieselfde ding te doen; en as julle een woord Daarteen spreek, sal dit julle nooit vergewe word nie."

230 So julle sien waarby ons vandag is, as dit vandag sou wees. "Een woord Daarteen, sal nooit vergewe word nie, nóg in hierdie wêreld nóg die wêreld wat sal kom." So julle sien wat hierdie geslag gedoen het. Nou dink daaraan. Dink sterk. Weeg hierdie ernstige Woorde.

231 Nou, die Jode het gesê: "Hierdie Man doen hierdie dinge deur Beëlsebub. Hy's 'n duiwel, fortuinverteller." Ons weet dat fortuinvertellery die duiwel is. So hy het gesê: "Hierdie man is 'n fortuinverteller."

232 So Hy het hulle vergewe om Hom 'n fortuinverteller te noem. Maar nadat Hy gesterf het en die Heilige Gees gekom het, toe was dit anders. Sien? En dit, dis vir die Heidense geslag. Nou let op.

Nou, die—die Jode het dit alreeds gesien, dit veroordeel.

233 Die Samaritane het dit ontvang, en sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n Profeet is." Wat gaan jy daarmee doen, Samaritaan? "Ek merk dat U 'n Profeet is. Ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy ons hierdie dinge sal sê." Sien, hulle het die Messias geken, Wie Hy sou wees. Het gesê: "Ons weet dat die Messias, wat die Christus genoem word, wanneer Hy kom, sal Hy ons hierdie dinge vertel. Maar Wie is U? Is U Sy profeet?"

Hy het gesê: "Ek is Hy. Ek is Hy."

234 En hierop! Nou luister. Hierop, het sy haar waterkruik gelos en in die stad ingehardloop, en kom om vir die man in die straat te sê, hardloop deur die stad, het gesê: "Kom, kyk, 'n Man Wat my die dinge gesê het wat ek gedoen het! Is dit nie die einste Messias nie?" En die Bybel het gesê dat die hele stad in Hom geglo het omdat die vrou dit gesê het, dat Hy hulle gesê het, omdat Hy Messias was.

235 Nou, as dit gister die teken van Messias was, en Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd, sal dit vandag dieselfde teken wees. Is dit reg? Hoeveel sal daarmee saamstem? Sekerlik, ja, dis dieselfde. Nou goed.

236 Nou, sal dit enige ander soort man wees? Nee. Hy het liefgehad, Hy het uitgeroep, Hy het gehuil, Hy het geslaap, Hy het in die wildernis ingegaan, het gaan visvang, gemaak net soos enigiemand anders. Hy was net 'n mens, sien, maar tog was Hy die gesalfde Messias.

237 Nou, nou ons onthou daar in die Bybel, wat ons vertel destyds, waar ons na vele Skrifte gaan en bewys dat die Bybel verklaar daar sal wees: "'n Dag wat nie nag of dag sal wees nie," net 'n triestige dag, organisasies en kerk, en genoeg om goed te

word: "maar in die aandtyd sal dit Lig wees." Hoeveel het dit al ooit in die Bybel gelees? Sekerlik. Sien?

238 Nou, met ander woorde, die son kom in die Ooste op en sak in die Weste. Dieselfde son kom in die Ooste op, sak in die Weste. Wel, toe die Seun van God S-e-u-n, [Eng. "Son of God, S-o-n."—Vert.] opgekom het in die Ooste op die Oosterse mense. Beskawing beweeg, beweeg met die son, en ons is nou by die Weskus. As jy oorsteek, gaan jy na China, weer terug in die Ooste. So dan skyn dieselfde Seun wat op die Ooste geskyn het, nou op die Weste, met dieselfde doop van die Heilige Gees, dieselfde tekens, dieselfde wonders, dieselfde Messias. Is dit reg? "Dit sal Lig wees in die aandtyd, die pad na Heerlikheid sal julle sekerlik vind." Dis reg.

239 Ons is in die aand, die Aandlig. Die son sak. Die Messias is in ons midde. Die Seun van God, in die vorm van die Heilige Gees, is in ons midde. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle ek is Sy dienskneg? ["Amen."] Glo julle dat wat ek julle vertel is die Waarheid? ["Amen."] Glo julle die storie van daardie Engel gisteroggend, eergisteroggend? ["Amen."] Glo julle dit? ["Amen."] Laat dan die God van die Hemel, laat die God wat aan my verskyn het in die vorm van daardie reënboog, laat Hom spreek. En laat my liggaam toegewy wees aan Hom, my siel, gees, en gemoed, toegewy wees aan Sy Glorie. Toe ek op soek was na daardie laaste eekhoring, en geweet het dit sou die laaste wees, dit was juis toe drie minute voor tien, en ek het gesê dit sou teen tienuur wees.

Weet julle, Hy het gesê: "Sê wat julle wil. Dit sal so wees." Hy't dit nog nooit gefaal nie, wat ook al. "Sê net wat julle wil."

Maar die agtste keer wat dit ooit gedoen is, was op 'n vroutjie. Sy sit nou daaragter, veronderstel ek. Ek sien Broer Wright hier sit. Hattie Wright, toe sy gevra het vir haar twee kin- . . . Daar is sy, nou net daar. Vir die redding van haar twee kinders, (was dit nie?), was ferm daarteen. Ek het gesê: "Ek gee jou jou kinders, in die Naam van Jesus Christus." Hulle het regoor haar skoot geval.

240 Ed Daulton, Baptis wat hier sit, van daaronder in Kentucky, sit net hier. Hoeveel kinders het jy, Ed? Twaalf kinders. Het net hier gestaan, hy het vir sy kinders gevra. Ek het uit die gebou uitgestap. Ed het weer na my toe gekom; ek het gesê: "Ed."

Die Heilige Gees was op my, het gesê: "Gee dit vir hom. Gee hom."

241 Ek het gesê: "Ek gee jou jou kinders." Elkeen van hulle, gered en gedoop. Daar het sy tienerjarige by die huis gesit, gewag, gehuil, is gered sedert hy hierbo was. Hierdie Baptiste broer van daar in . . . O, o, hoe wonderlik is Hy wanneer Hy spreek!

242 Ek vra Hom nou, tot Sy Heerlikheid, om Homself te toon, dat Hy Christus is, dat ek die Waarheid praat.

243 Nou, dat die—die ongelowige geen uitweg kan hê nie. Ek wil hê dat die mense hierbinne, wat siek en behoeftig is, behoefte het aan God, wat ek nie ken nie, vreemdelinge binne ons poorte, mense wat ek nie ken nie, wat hier is, en julle het 'n behoefte aan God, steek op julle hande. Mense oral. Dit, nou goed, net omtrent algemeen oral, veronderstel ek. Mense wat ek nie ken nie. As ek iemand noem wat weet, dit dat ek weet en jy ken my, en—en ons is bekend aan mekaar, sê jy niks, net bly net stil. As Hy die Seun van God is, wat Hy is, en my Boodskap is reg, en daardie Engel . . .

244 Toe dit drie minute voor tien was, het ek gesê: "O God, Wat aan my verskyn het 'n rukkie gelede in daardie reënboog, dis drie minute. Ek sien geen eekhoring nie. Dis drie minute, U sal een na my toe moet bring." En God is my Regter, ek sê dit plegtig, met my hand op die Bybel. Glo nie daarin om te sweer nie, die Bybel sê dit nie; Dit sê om dit nie te doen nie. Maar God is my Regter, 'n eekhoring het reg teen die boom afgehardloop en net presies reg gaan sit. Hy't dit nooit gefaal nie; Hy't dit nog nooit gedoen nie. Baie van hulle is hier teenwoordig wat daardie dinge weet. Ek weet dat Hy, daardie selfde God, hier is.

245 Daar's gebedskaarte uitgegee. Ek wil hulle nie hê nie. Ons sal vir hulle laat bid oor 'n paar minute, hulle sal in die ry naderkom. Ek wil nie mense hê wat—wat hier is nie, of wat ook al.

246 Ek wil vreemdelinge hê. Ek wil mense hê wat my nie ken nie. Ek wil hê julle moet in julle gedagte kry, en wil hê julle moet gaan dink en bid, en sê: "God, daardie man ken my nie."

247 En eendag het 'n vroutjie deur 'n skare gedruk. Sy het bloedvloeïng gehad. En sy het gesê . . .

248 Toe hulle almal gesê het: "Hier is Hy! Kyk na Hom! Daar's daardie Galileër," sovoorts. Al daardie rabbi's ensovoorts staan daar, sê: "Rabbi, ons soek 'n teken van U," en so aan voort.

249 Hierdie vroutjie het gesê: "Ek glo Hy is die Seun van God. En ek glo as ek maar net die soom van Sy kleed kan aanraak, ek gesond gemaak sal word." Hoeveel weet dit? Sy het Hom aangeraak.

250 Nie dat Hy kan voel nie; maar Hy het gaan staan en omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak? Iemand het My aangeraak." Almal het doodstil gebly. Het gesê: "Iemand het My aangeraak." Gesê: "Wie het My aangeraak?"

251 En Hy het rondgekyk totdat Hy die vroutjie gevind het. Sy kon nie haarself wegsteek nie. Kon dit nie kry nie. Het haar gevind en gesê: "Jou geloof het jou gered." Het gesê, haar vertel, haar bloedvloeïng is gere- . . . stopgesit, omdat sy geglo het, en haar geloof Sy kleed aangeraak het. Glo julle dit? Goed.

252 Nou, is Hy vandag 'n Hoëpriester wat sit aan die regterhand van God, bemiddeling doen na ons belydenis? Sê die Bybel dat Hy

die Hoëpriester is wat geraak kan word deur die meegevoel met ons swakhede? Is dit reg? Goed, as jy siek is, begin bid, sê: "Here God, ek het pas 'n Boodskap gehoor. Ek—ek ken nie hierdie man nie. Ek is—ek is hier in die tabernakel. Ek kom nie hiernatoe nie, hierdie is nie my tuiskerk nie. Ek is van êrens anders. Ek is van buite die dorp, ek is van êrens anders. Ek ken nie die man nie. Maar hy maak dit, skyn dit so positief te maak, dat dit U is, en het gesê dat U aan hom verskyn het, dat sy Boodskap reg was, en hoe U hierdie dinge doen. Nou, ek ken nie die man nie, maar ek ken U. So as hy hom toegewy het aan U, en U sy liggaam gebruik om U Eie Woorde deur te spreek, laat hom tot my spreek. Laat my U kleed aanraak, Here." En kyk of Hy dit doen of nie! Kyk of Hy God is.

253 As Hy steeds God is, kan Hy my lippe gebruik om dieselfde woorde te spreek wat Hy sou gebruik, omdat Hy geen lippe het behalwe myne en joune nie. Hy het geen oë behalwe ons s'n nie. So Hy daal net neer en behartig Sy Kerk deur ons liggaam. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Behartig, Self! Dis wat Hy gesê het: "Die werke wat Ek doen, julle sal dieselfde doen." Is dit reg? ["Amen."] "Dieselfde werke, sal julle doen." Dit was die werke wat Hy gedoen het, om te bewys Hy is Messias. Nou, as Hy Messias is, en Hy is, dan, dit waar is, dan doen Hy dieselfde werke juis nou, deur Sy Kerk, wat Hy toe gedoen het. Dit bewys dat dit reg is, ongeag van al julle denominasies. O, halleluja!

254 Klein ou Broer Kidd en Suster Kidd sit hier, hulle albei, en hulle is tagtig jaar oud, gepreek voor ek gebore is. Hier het hy nou die oggend gelê, sterwende, met 'n kanker, omtrent twee jaar gelede, gesny deur sy prostaat; daar ver in Ohio. Was baie goeie vriende van my gewees. Suster Kidd het my gebel, gesê: "Billy, jy beter gou maak. Hy's net sterwende, sterf regtig nou." En ek en Billy het byna daardie ou tweedehandse kar van my uitgebrand, om daarbo te kom.

255 Toe ek daar in die kamer kom, sodra ek daar gekom het, het die Heilige Gees gespreek: "SO SPREEK DIE HERE."

256 Daar staan hy, 'n getuie vir die heerlikheid van God, het selfs sy dokter heel verskeurd. Dis net, Hy's God! Sou ek dit kon doen? Nee, meneer! My woorde is niks meer as enige mens s'n nie. Maar dit was SO SPREEK DIE HERE! Amen.

257 Jare gelede, onder in die berge van Kentucky, 'n ou klein Kerk van God, of sommige van hulle, het op-en-af gedra teen heuwels, het mielies uitgeslaan met 'n stuk goed, saam met ou moeder Kidd, om 'n klomp kinders te voed; gewas oor 'n badjie, om haar man in die veld uit te stuur.

258 En hier is hulle in hulle tagtigs, sit vandag hierbo, geniet die Evangelie van Jesus Christus, ry 'n honderd-en-iets myl op Sondagoggend, elke Sondag wat ek hieronder preek, as hulle daarvan te hore kom. Sekerlik, ons stuur vir hulle 'n uitnodiging,

hulle wil kom. Seën hulle ou hartjies. Dis reg. Ek wil hê elke persoon hierbinne moet hulle hande skud vanmôre, as hulle kan, hulle seën.

Bid nou.

259 O, ek is so bly om te weet dat Hy God is. Watter gevoel! Julle sê: "Waarom talm jy, Broer Branham?" Ek wag op Hom. Dis 'n . . . Ek het gepreek. Hierdie is 'n ander salwing.

260 En as Hy sal kom en dit doen, hoeveel hierbinne dan, wat siek is, sal Hom as hulle Geneser aanvaar? Steek net julle hande op, al die siek mense, as Hy sal—as Hy dit sal doen. Steek op julle hande, almal wat siek is, wat kan sien dat Messias, Christus, in die midde van die mense is, aan die spreek.

261 Bid. Glo. Ek sal konsentreer op *hierdie* kant van die huis. Ek het soveel wat bid. Ek sien die salwing.

262 Kyk. Hoeveel het dit gehoor, daardie Vuurkolom daar, wat wetenskap in Washington, DC laat hang? Julle weet dit. Hier's die foto Daarvan, net hier, dieselfde Vuurkolom wat Moses gelei het. Wanneer selfs die wetenskap gesê het: "Eendag sal dit op tiensent-winkels se rakke wees. Enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is."

263 Daardie selfde Engel is reg hier by die preekstoel net nou. Soek daarna. Ek daag julle uit om dit te glo. Julle buitestaanders, julle moet glo.

264 Nou ek moet net dophou waarheen ek Dit sien gaan. Wees eerbiedig, almal, in Sy Teenwoordigheid, daardie Ontsag.

265 Ek sien 'n man. Hier is dit. Hy sit aan my linkerkant, reg agter *hier* in die hoek. Hy ly aan sinusprobleme en maagprobleme. Glo jy met jou hele hart. Is 'n vreemdeling vir my. Dis Mnr. Wells. Dis wat jou naam is, Mnr. Wells. Jy's nie hiervandaan nie. Jy's 'n plek genaamd Aurora, Illinois. Dit is waar. Is dit waar? Ek's 'n vreemdeling vir jou. As dit reg is, steek jou hande op. Staan op op jou voete. Jesus Christus maak jou gesond.

Glo julle nou? "As julle kan glo."

266 Nou, daar, daardie kêrel, het ek nog nooit in my lewe gesien nie, en volkome vreemdeling tussen ons. Hy's van 'n ander staat. En die Heilige Gees nou, wat ek ook al vir hom gesê het, sal ek nie weet totdat ek daardie band oorgekry het nie. Dis salwing wat oor jou kom. Maar die man weet.

267 Wat vir julle vertel was, is die waarheid. Is dit reg, meneer? Ja. Ons is vreemd. Daar's, laat hy vir homself getuig.

Wie het dit gedoen? Messias, Christus.

268 Hier sit 'n dame reg agter hier, tussen die mense, reg *hier*. Sien daardie Lig oor haar? Sy ly aan 'n velprobleem. Mev. Pitman, jy's van Owensboro. As jy 'n vreemdeling is, wuif jou hand. Is

daardie dinge waar? Wuif jou hand. God het jou genees. Ek het die vrou nog nooit gesien nie, net in 'n visioen.

269 Dat jy kan weet, reg oorkant jou is 'n vrou genaamd Ellis, Mev. Ellis, 'n jong vrou. Sy het vroueprobleme. Sy's ook 'n vreemdeling. As dit reg is, wuif jou hand. Is dit jou moeder wat daar langs jou sit? Dis 'n dame wat daar sit, ly aan vrees, 'n vreeskompleks op haar. As dit reg is, steek jou hand op, dame. Goed. Die vrees is weg. Jy kan huis toe gaan, gesond wees. Ek daag jou uit om te glo.

270 Ver agter aan die agterkant, in die hoek, ver agter, 'n man van Minnesota, met die rugprobleem. Jou naam is Mnr. Carson. Staan op op jou voete. Jou rugprobleem is weg. Jesus Christus maak jou gesond.

271 Reg agter, *hier* agter, 'n dame wat ly. Sy is van buite die stad af. Sy's van 'n plek genaamd Blue Island. Sy het hartprobleme. Dis naby Chicago. Mev. Braiden, staan op, aanvaar jou genesing. Gaan huis toe en wees gesond, in die Naam van Jesus Christus.

272 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wat van *hierdie* seksie? Weet julle dis Messias? Hoe weet 'n mens?

273 Al hierdie mense wat geroep was, sover, en weet dat ek niks van julle af weet nie, steek op julle hande, al julle mense wat geroep is, oral rond. Sien daar?

274 Daar's iemand agter my, aan die bid, agter, daar in 'n kamer. Dis 'n jong kêrel, ligte kop, bid vir 'n neef daar in Kansas, het kanker. Kom vorentoe na die deur toe. Glo in God. Glo jy?

275 Elmer, dit was een of ander verbintenis met jou. Ek sien jou pa sit daar, sy vrou. Hoë bloeddruk. As julle glo, sal God julle genees. Ek weet nie. Dis reg. Is dit nie? Glo julle met julle hele hart.

276 Glo julle? Glo julle dat Jesus Christus Messias is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle Sy Teenwoordigheid is hier? ["Amen."] Onthou, toe een vrou die kleed van Jesus aangeraak het, het Hy swak geraak. Krag, sterkte, het van Hom uitgegaan. Ek's net omtrent gedaan nou. Glo julle? ["Amen."]

Laat ons dan ons hoofde vir 'n oomblik buig.

277 O Jesus, Messias van God, U is immer naby. Die mense is bewus daarvan dat U die Seun van God is, dat U nou hier is. U groot tekens en wonders word bewys. Seën hulle, Vader. Seën hulle, bid ek. Mag hulle juis nou glo, met hulle hele hart, dat U, die Messias, die Een is wat hier staan. Niemand sou dit kon doen nie. Dis menslik onmoontlik, Here. Wonderwerk, om die krag van Messias in 'n klein, nederige plekkie soos hierdie te sien inkom, omdat U dit belowe het, Here. Want, U genade is hier om ons genadig te wees. Omdat dit U belofte is om dit te doen, het U dit gedoen. Ons sien dat U nie U mense verlaat nie.

278 Nou, Vader, God, mag hulle wat gebedskaarte het, in die gebedsry kom, mag hulle geloof hê om te glo. O, Almagtige God, wanneer hande op hulle gelê word, mag hulle hier ingaan, verheugd, uitroep, God prys, dat hulle genees is. Skenk dit, Here.

279 En laat hulle wat gered is, weet dat daar geen geheime by God is nie. God openbaar die geheime van die hart; Hy ken elke gedagte wat in ons gemoed is. Skenk dit, Vader. Ons vra in die Naam van Jesus Christus. Amen.

280 Nou, julle wat gebedskaarte het, daarbuite in die gehoor, julle mense in die tabernakel rond, *hierdeur* rond, wat gebedskaarte het, glo julle? Steek julle hande op. En glo dat 'n menslike wese dit nie kan doen nie. Dit moet van God kom. Glo julle dis 'n belofte van God, dat God gesê het Hy sou dit doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Dan weet julle dat Iemand hier is behalwe die mens.

281 Ek neem hierdie Woord plegtig, voor God. Die mense tot wie gespreek was, wie dit ook al was, ek ken hulle nie, en hulle ken my nie. Hulle is vreemdelinge wat net hier by die tabernakel ingeval het, waar hulle ook al was.

282 Ek sien 'n paar visioene oor mense hier wat in die tabernakel is, maar laat hulle alleen, ja, laat hulle net alleen.

283 Daardie mense wat geroep was, wie julle ook al was, dat die ander kan sien dat julle vreemdelinge is, steek op julle hand. Sien? Elkeen, almal vreemd.

284 Iets bly my net beweeg. Ek sien 'n gekleurde dame voor my verskyn, die hele tyd, het artritis en hoë bloeddruk. Ja. Jy's 'n vreemdeling tussen ons. Jy's van Memphis, Mev. Sals. Dis jou naam. Jou eerste keer hier. Glo jy aan die Here, met jou hele hart? Dan kan jy huis toe gaan en gered wees, genees. God neem dit vir haar.

285 Glo met julle hele hart, almal. Steek nou julle hande op. Glo met julle hele harte. Plaas julle hande daar op mekaar.

Kom hier, Broer Neville. Kom hier, doen die gebed.

286 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, gaan Broer Neville bid.

Die Boodskap Van Genade AFR61-0827
(The Message Of Grace)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 27 Augustus 1961, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org